

BULT

Junie 2003 Jaargang 51, nr 2

**HONDERD
jaar jonk**

**Uitblinkers by
gradeplegtigheid**

Come and be yourself



Come and join a stunning English and Afrikaans campus in the heartland of South Africa.

A long-established, parallel-medium campus in beautiful, safe surroundings, where academic excellence and personal attention are integral parts of studying. Where you'll find the creativity, innovation and abundant space to discover yourself.

Come and see for yourself.


Come and be yourself.


University of the Free State
be who you are

e-mail: info@stig.uovs.ac.za

tel: (051) 401-2357

www.uovs.ac.za





The enormous room (1990). Oil on canvas, 1040 x 1040 mm

COETZEE, Cyril (born 1959)

One often hears the expression that artworks should speak for themselves. Furthermore, what different viewers see and enjoy in art depends, to a large degree, on the emotional, intellectual and psychological “baggage” that is employed in every individual aesthetic contemplation.

But perhaps one should, from time to time, take into consideration an artist’s own intentions and explanations. This is especially true of works by the Grahamstown-born artist Cyril Coetzee.

His thoughts on *The enormous room*, which is in the Permanent Collection of the UFS, are: “In this painting the theme of thresholds is explored by means of the framing metaphor of an interrogation room. The room becomes the site of an initiation. Relationships between opposing forces in the self, and the paradoxes of role-reversal and projection in relationships, of domination and submission, are explored... Central is the theme of the androgyne – of the one who achieves within the soul an alchemical wedding of active and

receptive qualities.”

Coetzee reclaims, through research, the symbolic picture language of alchemy. The latter is, in his own words, “an expression of a clairvoyant-imaginative form of knowledge. In alchemy, the external purification of crude material is an outer correlate of an internal process of self-transformation. Painting, in these terms, begins with a self-immersion, not merely in paint but also in the chaos of elements which are the crude material of one’s person...”

The University of the Free State acquired *The enormous room* in 1996. It is meticulously executed and visually (and thematically) very intriguing. The host of (somehow) related objects and figures places the viewer on the witness stand.

The “baggage” each of us brings to the viewing experience is (by implication) questioned. We are interrogated as it were.

And, if we are receptive enough, we are initiated to grasp the artist’s intricate visual language and the cumulative (levels of) meaning in this painting.

**Redakteur****Leatitia Pienaar**

Tel: (051) 401-9188

Faks: (051) 430-8397

e-pos: pienaar.stg@mail.uovs.ac.za**UV-webadres**www.uovs.ac.za**Produksie****New Media Publishing, Kaapstad****Besturende redakteur:**

Lisa van Aswegen

Uitleg: Odette Marais**Uitvoerende direkteurs:**

John Psillos, Irna van Zyl,

Naomi Herselman

Besturende direkteur:

Bridget McCarney

Posbus 440, Groenpunt, 8051

Tel.: (021) 439-8252

Faks: (021) 439-8277

Webwerf: www.newmediapub.co.za**Reproduksie****Mega Digital****Drukwerk****Paarl Web**

Bult, nuustydskrif van die Universiteit van die Vrystaat, word uitgegee deur die Afdeling: Strategiese Kommunikasie aan die UV. Menings wat in die publikasie gelug word, weerspieël nie noodwendig die van die Redakteur, die Afdeling of die UV nie. *Bult* word onder oudstude, personeellede, donateurs en Kowsie-vriende versprei.

Die inhoud van *Bult* mag met die nodige erkenning elders gebruik word. Rig navrae hieroor aan die Redakteur.

Adresveranderinge**Stuur besonderhede aan:****Dawid Kriel****Posbus 2319, Bloemfontein 9300****Tel. (051) 401-3409****Faks (051) 430-8370****e-pos: Dawid@stg.uovs.ac.za**

BULT

inhoud

Junie 2003 Jaargang 51 nr 2

Nuus

- 6 Uitdagings vir Eeufees
- 10 Grade vanjaar ingeryg
- 14 X-files 'n werklikheid?
- 17 Homegrown foods on our shelves

Alumni

- 29 "Hophuis" heropen
- 30 Alumni-voordele

Rubrieke

- 2 Briewe en soekhoekie
- 18 Monitor
 - Skuif na Engels wek kommer
 - Prestigious US fellowship
 - Visuele Bybel
- 27 In memoriam
- 32 Blou Willem

**Voorbladfoto**

Die UV het vanjaar sy rykste oes aan grade, voorgraads en nagraads, opgelewer. Menige student kon breed glimlag na jare van kop in die boeke op die bult. Die meisie wat hier so breed glimlag, is Sunette Venter, 'n arbeidsterapeut by die Sportburo. (Foto: Stephen Collett)

Oud-Kovsies oorsee hou so kontak met die UV

Rusland, Roemenië, die Slowaakse Republiek, Saudi-Arabië... dit is maar net 'n paar van die 30 lande buiten Suid-Afrika waarheen hierdie uitgawe van *Bult* gestuur word.

Die grootste aantal, 454, vind hul pad na Namibië, gevolg deur die Verenigde Koninkryk (77), Die Verenigde State van Amerika (45), Kanada (37) en Australië (32). Nieu-Seeland (31) en Lesotho (26) is kort op hul hakke.

Enkele kopieë vind ook hul weg na België, Botswana, Denemarke, Duitsland, Frankryk, Ghana, Griekeland, Japan, Malawi, Mosambiek, Nederland, Noord-Ierland, Oostenryk, Switserland, Uganda, Zambië en Zimbabwe.

Bult bly 'n belangrike naelstring om oud-Kovsies ingelig te hou oor die wel en wee van die Universiteit en sy mense.

Praat mense nog so baie op huisvergaderings?

Vra Chris Schoeman al die pad van Scottsburg.

Hy sê hy het seker naby aan die rekord gekom toe hy daar in die vroeë jare sewentig die manne van DF Malherbe so 2 uur en 50 minute besig gehou het met appelkooskonfyt, die ontstaan daarvan en alles wat 'n mens nie daarvan wil weet nie.

Dit was in die dae toe Piet Strauss (nou professor) primarius was.

Chris sê studente kon ure lank op huisvergadering met "absolute nonsense" besig gehou word.

Chris, landdros in Scottsburg, het B.Iur geswot en was tot 1980 streekhof-aanklaer en landdros in Bloemfontein voordat die waters van die Indiese Oseaan aan die KwaZulu-Natalese kus hom gelok het.

Kry nie meer daardie positiewe gevoel

Rudie van Rensburg, Plettenbergstraat 62, Welgemoed, skryf:

Snaaks dat die *Bult* lank nie meer enige positiewe gevoel by my ontlok wanneer ek hom in my posbus gewaar nie.

Waar is die dae toe ek alles opsy geskuif het om eers my *Bult* van hoek tot kant deur te lees en hom dan netjies te gaan bêre tussen ander leesstof wat die status verwerf het van "'n mens gooi sulke publikasies nie weg nie"? Nou, soms onaangeraak ná weke in sy plastiekomhulsel (en was dit nie vir Blou Willem nie, sou hy daar gebly het), word hy sonder enige skuldgevoel saam met klerewinkel-brosjures en ander gemorspos in die snippermandjie gewerp.

As die *Bult* se doelwit is om met sy "familie van oud-studente" te kommunikeer, faal hy na my mening jammerlik.

Redakteur: Rudie, jammer jy het nie gesê wat jy graag wil lees nie.

Waar is die Vishuismanne?

Alwyn Grib van Sedgfield skryf:

Ek het pas die jongste *Bult* in die posbus gekry en met genot deurgelees.

In die jare 1951 tot 1953 was daar net twee motors in Vishuis. Dit was 'n 19iets Whippet en ou Pop Wilken se splinternuwe Austin A40. Albie Mathews vir hom 'n motorfiets op Pëllies Market gekoop. Die res was 'n paar fietse en dapper en stapper.

Ek sal baie graag wil hoor van oud-B.Com-studente asook Vishuismanne hier in my omgewing. Daar was net drie dames wat in my tyd B.Com geswot het.

Op Sedgfield is net ek en Ursella Viljoen (nou Van Zyl) en ou Bees de Jongh kom hou gereeld hier vakansie. Kontak hom by l.boshoff@freemail.absa.co.za

REDAKTEUR



Groete van die redakteur

'n Instelling soos die Universiteit van die Vrystaat is 'n belangrike akademiese burger, het mnr. Webster Mfebe, LUR vir kuns, kultuur, wetenskap en tegnologie in die Vrystaat, met die bekendstelling van die UV se Sportplan gesê. Meer hieroor op bl. 25.

Die UV raak al hoe dieper en fyner verweef met, en in, die gemeenskap waarin hy hom bevind – in Bloemfontein, die Vrystaat en die land as geheel.

Bult gaan deurlopend 'n blik gee op hierdie betrokkenheid en na die prestasies van die instelling en sy mense te kyk. Natuurlik gaan daar ook wonderlike herinneringe opgediep word.

Ons wil u laat deel in die trots wat ons almal in hierdie akademiese instelling in die hart van die land het.

Kovsiegroete

Heather Parris

Soekhoekie

Is jy op soek na oudstudente-vriende, maar weet nie waar om te begin nie? Die Universiteit en *Bult* kan jou help om hulle op te spoor.



Heidi Steyn (née De Ruiter) van Francesstraat 186, Observatory, Johannesburg 2198 het by *Soekhoekie* aangeklop om **Eddie de Beer** op te spoor.

Sy skryf Eddie de Beer was 'n LL.B-student wat in 1963 – 1965 in die Reitz-kamerwonings gebly het. Sy was terselfdertyd 'n inwoner van Huis Emily Hobhouse. Me. Steyn kan by (011) 648-6057 (huis) gekontak word.

Hoe om van die diens gebruik te maak:

- Rig versoeke regstreeks aan Dawid Kriel, Administratiewe bestuurder, UV-bemarking, Universiteit van die Vrystaat, Posbus 2319, Bloemfontein 9300, Republiek van Suid-Afrika. **Tel. (051) 401-3409 Faks (051) 430-8370 Sel. 083-680-7354**
- 'n Maksimum van vyf name kan op 'n keer verskaf word.
- Gee soveel besonderhede moontlik van oudstudent(e) waarna gesoek word: Van/nooiensvan, volle voorletters, studentenommer of studiejare, graadkursus en koshuis.
- Verskaf jou eie kontakbesonderhede soos telefoonnommer, adres en e-posadres volledig
- Gee asseblief 'n motivering waarom jy na iemand soek. Alle inligting oor oudstudente is vertroulik en word met die grootste omsigtigheid deur die Universiteit hanteer. As voorbeeld: adreslyste en persoonlike besonderhede van oudstudente word nooit aan maatskappye verskaf nie.
- As Dawid die vermiste nie kan opspoor nie, sal die besonderhede in hierdie kolom in *Bult* geplaas word.
- As oudstudente in die soektog kan help, moet die inligting sommer regstreeks aan die navraer gerig word.

Adresveranderinge

Oud-Kovsies wat hul adresveranderinge vir Dawid Kriel deurstuur, word versoek om asseblief so veel inligting moontlik te verskaf. Dit is enersyds om identifikasie van oud-Kovsies te vergemaklik en andersins om soveel moontlik kontakbesonderhede op die Universiteit se databasis te laai.

So is daar bv. tans 31 A. Botha's op die Universiteit se stelsel en is dit baie moeilik om die regte A. Botha op te spoor sonder voldoende inligting tot ons beskikking, sê Dawid.

"Verskaf asseblief deurgaans volle voorletters en van, nooiensvan waar van toepassing en enige ander inligting soos identiteitsnommer, oud-studentenommer, vorige adres, graad behaal, ens. Ons huidige databasis maak voorsiening vir 'n kontakadres, telefoonnommers, e-posadres, selffoonnommers en tweede of verwysingsadres.

"Ons kry ook gereeld navrae van oud-Kovsies oor adresveranderinge wat deurgestuur is, maar dan word *Bult* steeds na die ou adres gestuur. Die *Bult*-adreslyste word ongeveer twee weke voor publikasie gedruk en na die drukkers gestuur. Nadat *Bult* gedruk is, neem dit nog ongeveer twee weke voor die publikasie almal landwyd bereik. So kan dit dus gebeur dat die adreslyste vir 'n uitgawe van *Bult* op 31 Mei getrek word, 'n adresverandering op 1 Junie gemaak word en *Bult* dan op 30 Junie steeds by die verkeerde adres afgelewer word."

- Kry Dawid se besonderhede links op hierdie blad.



Reading proficiency can make the difference

Dr Arlys van Wyk has been honoured in Belgium for her research work on reading skills.

Poor English reading skills can be a major influence on progress for students on tertiary level, not only in Human Sciences, but in all disciplines at university, said Dr Arlys van Wyk of the Department of English and Classical Literature at the University of the Free State.

“Language proficiency became a cutting-edge issue worldwide,” she said. Many intelligent students fail their courses because they cannot read English properly. Readability tests showed that only 19% of students understand the content of their prescribed books.

Dr Van Wyk was recently honoured with a Development Co-operation Prize by the Belgian government for her research work in this regard. The prize-giving was on 11 May in the Royal Museum for Central Africa in Tervuren, Belgium.

Dr Van Wyk, who did her Ph.D. on the development and implementation of an English language and literature programme for low-proficiency tertiary learners, said in an article accepted for publication by the international organisation Teachers of English to Speakers of other Languages, TESOL, higher education in South Africa faces the challenge of vast transformation locally, as it attempts to shed the fetters of the undemocratic, apartheid education system, and globally as it emerges into a new world order.

Although she concentrated on the problems of the English second-language student, recent studies elsewhere in the world indicate it can also be applied to the English first-language student.

Policy directives emphasise the redress of past inequalities in education such as the provision of formal education opportunities for students from historically disadvantaged schools which have left them ill-equipped with the necessary skills and



Educator: Dr Van Wyk


knowledge to access tertiary learning successfully, she said.

The effects of Bantu education, the chronic underfunding of black education during the apartheid era, and the effects of repression and resistance on the culture of learning and teaching have seriously undermined the preparedness of talented black students for higher education.

Currently 58% of the students at the UFS prefer English as their medium of instruction.

“This is due to a variety of historical and socio-political reasons. Many students regard English as a means of personal and economic growth. It is viewed as a unifying language in a country which recognises eleven official languages.

“Thus, English is seen as a resource – not as a language or simply a vehicle of learning. Although many students choose English as their language of learning, this is not their mother tongue. It is a second language to the majority and even a third language to many, in particular those who come from the deep rural regions where English is not spoken,” Dr van Wyk said.



Global recognition: Dr Arlys van Wyk has been honoured by the Belgian government for her research work on the influence of poor reading skills under English second-language students on tertiary level and the work done by the UFS's Career Preparation Programme (CPP). The prize was the first for someone who researched a language problem in a developing country.

The policy at school is to teach learners in their African mother tongue until the age of nine and then to convert to English as language of instruction.

"The policy has left many students with low levels of reading and writing skills in their mother tongue and English. Many teachers in these schools are not proficient English speakers, which means learners have been exposed to a distorted kind of bilingualism," she said.

"The UFS acknowledges the needs of these students and has responded in a variety of supportive ways, one of which is the Career Preparation Programme (CPP)." It is a one-year programme aimed at supporting and equipping scholastically deprived students with skills and knowledge needed to achieve success at tertiary level.

The programme was launched in Bloemfontein in 1997 with 185 students and is now running in seven regions in the Free State with a total of 500 students.

"The students did not grow up in a print-rich home environment as the family was simply not able to afford the books and other reading material needed to create a culture of reading in the home."

Dr Van Wyk said many of their schools were also underfunded in the previous political dispensation. Many schools had no libraries, and in many cases not even the most basic of classroom texts.

"Students on the CPP had little opportunity to acquire the vocabulary knowledge or the world knowledge necessary for fluent reading." ■

Dr van Wyk would like to acknowledge her research supervisors, Prof. Willfred Greyling and Prof. Driekie Hay for their dedication to excellence.

Sien uit na Eeuboek

Duisende kilometer, vier jaar en sowat 300 onderhoude later word die boek oor die geskiedenis van die Universiteit van die Vrystaat die afgelope eeu nou afgerond voordat dit drukkers toe gaan.

Proff. Leo Barnard en Pieter Coetzer van die Departement Geskiedenis het die reuse-taak gehad om in die geskiedenis van die UV te gaan delf en met 'n lekkerleesboek met die oog op aanstaande jaar se eeufeesvieringe vorendag te kom. Hulle het na al die fasette gekyk, van sport, kultuur, die topstruktuur, transformasie, die studentelewe, memoirs, hoof-momente...

“'n Mens besef nie hoe omvangryk die taak van die universiteit is voordat jy nie met sy geskiedenis worstel nie,” sê Prof. Coetzer. “Dit is regtig verstommend. Dit is amper 'n onmoontlike taak om al die fasette te verwoord.

“Ons het probeer om die hoofmomente in 'n neutedop saam te vat en wou terselfdertyd sekere interessante fasette en gebeurtenisse belig. Dit moenie 'n swaar tillende akademiese publikasie wees nie. Die oogmerk is 'n lekkerleesboek wat algemeen populêr is.

“Ons gebruik baie foto's, illustrasies, kassies, tabelle en sketse om die materiaal uit te lig.”

Prof. Barnard sê oud-Kovsies gaan uiteraard 'n voorpublikasieaanbod kry om die boek van sowat 250 tot 300 bladsye te koop. Van die beste ontwerpwerk, papier en drukwerk word vir dié spogpublikasie beplan.

Die boek sal in Afrikaans en Engels beskikbaar wees, asook in 'n keuse van sagteband en hardeband met stofomslag en ook 'n uiters beperkte aantal in leer gebind en genommer. Laasgenoemde sal beslis versamelaarsitems wees en in hierdie stadium word beplan om nie meer as 200 van hierdie individueel gebinde boeke beskikbaar te stel nie.

Prof. Barnard sê die boek behoort teen Junie aanstaande jaar beskikbaar te wees.

Intussen sal daar gereeld in die komende uitgawes van *Bult* 'n aptytwekkertjie verskyn. *Sien die uittreksel oor Slang en sy vriende hiernaas.*



Eerste Motors

“Vir 'n student was 'n motor vir baie jare tot en met die vyftigs 'n onbekostigbare ding – buite die grense van jou denke en jou fondse.

Daar was enkeles wat op 'n manier êrens deur hierdie grense gebreek het. Of diegene wat eenvoudig groter gedink het. Wat een ou nie kon bekostig nie, so is geredeneer, kon agt dalk bybring. Dit was dié tipe van vindingrykheid wat by Slang du Plessis (toe sesde jaar) en sewe van sy geesgenote vastrapplek gekry het toe hulle 'n pragtige 1928 Dodge teen R40 aangeskaf het.

Dié kar het nie probleme nie, behalwe dat die eienaars die motor oorlaai en sy vere gebreek het. Boy van Tonder, studentevriend en terreinopsigter, het andermaal tot die redding gekom. Onderdele is by sy werkswinkel opgespoor – 'n stuk tremspoor wat tussen die 'shackles' deurgewerk is sodat hulle nie meer vere nodig gehad het nie.

Die gemeenskaplike ryding het 'n handrem gehad wat met 'n hoepelbesigheid om die dryfas gewerk het. Hy het so uitgekome.

Uiteraard was dit 'n probleem om uit die spietkops se pad te bly. Dit het glo 'n fantastiese enjin gehad. As jy Naval Hill afgekome het en hom in tweede rat gesit het, het die Dodge botstil gaan staan.

Vandag nog raak Slang nostalgies as hy oor dié ryding praat. ”

Uitdagings vir Eeufees

Hy sal sy ideaal verwesenlik as mense na baie jare nog emosioneel kan terugdink aan aanstaande jaar se eeufeesviering van die Universiteit van die Vrystaat. Dit moet anders wees as enige ander jaar.

So sê Jan Ras wat onlangs as die eeufees-koördineerder aangestel is.

'n Mens se eerste vraag is: Waar pas Jan Ras die argitek en dosent nog tyd in om oor 'n periode van 21 maande die UV se eeufees ook by sy besige skedule in te pas.

Die ding het eintlik daar in 1987 begin toe hy eers deelyds en daarna (1989) voltyds dosent geword het en die Jan Ras Argiteksgroep in Bloemfontein ook die lig gesien het. "Dit was eintlik van die begin af Jan Ras Agiteks- en Promosiegroep... maar daardie laaste deel het te lank vir die telefoonboek geword."

Hy was ook as student betrokke by baie Kowsie-aktiwiteite: "Ek was net nie joolkoningin en trompoppieleier nie." Hy moes selfs inspring as rasieler nadat hy te veel te sê gehad het oor rasielers wat nie altyd so nugter was nie...

"Die eeufees is 'n interessante uitdaging. Die eeufeesviering is 'n groot ontwerpproses en die uitdaging is om al die magdom aktiwiteite in een geheel saam te snoer.

"Dit is ook belangrik dat almal deel van die fees moet wees. Die fees is nie net vir akademië of die studente of die personeel of die oudstu-



Planmaker: Jan Ras

dente afsonderlik nie.

"Die fees is 'n punt op 'n lang lyn. Ons kyk nie net na die verlede nie, maar ook waar ons in die toekoms heen op pad is.

"Mense moet ná baie jare nog emosioneel daarvoor kan nadink. Soos my ma wat 'n klein dogtertjie in die Ossewatrek van 1938 was en dit nou nog steeds soos gister kan onthou."

Jan sê die uitdaging is om 'n hele jaar lank die aandag op die UV te vestig. So 'n program moet noodwendig 'n sterk begin en einde hê.

"Gewone aktiwiteite moenie net 'n eeufees-etiket kry nie. Alles moet anders wees – van die jool tot die gradeplegtigheid. Van elke geleentheid moet iets spesiaals gemaak word."

In die viering sal ook aandag gegee word aan permanente nalatingskappe soos die beeldende en uitvoerende kunste. Hy sê hy wil ook internasionaal belangstelling in die UV wek. "Die eeufees het wyer bemerkingsimplikasies vir die UV. ■



Bo: Kaalkop: Intervasity 1951. 'n Paar manne het hul hare verloor toe hulle die Pukke se rasieler wou skaak.

Linkerblad: Spogmotor: Slang du Plessis en vriende in die vroeë jare vyftig met die 1928 Dodge. Slang woon nou in Jeffreysbaai.

Onder regs: Manne: Die rugbyspan van 1909.

Onder links: Sing 'n lekker liedjie: Vishuis sêr in 1952 by die Gordon Fraserterhuis van die Bloemfonteinse Onderwyskollege.



Belangstellendes kan Jan kontak by:
Jan Ras Argiteksgroep BK,
tel: (051) 447-1730,
faks: (051) 447-4159
of per e-pos by
admin.fsia@saia.org.za

Akademie is in sy bloed

'Ek doen dit nie vir die grade nie, maar vir die studie. Hoe meer jy leer, hoe meer besef jy jy is besig om aan die oppervlakte te krap.'



Akademikus: Prof. Wessels

Voor die oorlogjare het 'n klein, rooi Shetland-ponie Hermanus Arnoldus Wessels van die plaas Avondson, Kroonstad, na die plaasskool Victoriaspruit gedra. Vir sy swart maats was hy Boelie. Boelie het hy gebly.

Dis dié klein niksnuts van 'n ponie wat prof. Boelie steeds laat ruk van die lag as hy vertel hoe hy 'n skoolmaat in 'n groot, nat beesmiskoek afgesmyt het. Die professor wat rou eerstejaars met 'n rits Latyn peper, is nog dieselfde Boelie.

Dit is 'n paar jaar te perd van sy poniedae af, maar tussen mnr. F.J. de Munnik se skooltjie waaruit hy en sy maats gestorm het as 'n vliegtuig oorgevlieg het en die universiteit, is die wye veld van die lewe deurkruis. Agter wysheid aan.

"Ek sal sê ervaring, nie wysheid nie. Mensekennis, dat ek studente kon leer ken. Baie studente, ja, die klomp blikskotteltjies! Dit is ook net 'n rukkie, dan vind hulle uit hierdie ou meneer slaan nie," sê die prof met laggende oë.

En nee, hy sou nooit kon dink nie toe hy uit meneer De Munnik se klaskamer gestaar het oor die Vrystaatse vlaktes na waar Welkom later sou verrys, dat hy nooit sou ophou studeer nie. Hy het geweet wat hy wou doen, ja. Regte studeer en dan die staatsdiens. Hy wou nie advokaat word nie.

In 1948 het hy by Kowsies ingeval vir sy BA-LL.B. Toe het hy aangehou swot. Behalwe vir een onderbreking in 1969, was hy altyd vir iets ingeskryf.

Mnr. De Munnik het self LL.B. aan Unisa begin studeer en sy eertydse leerling het vir hom sy boeke gestuur. Die leerling sou in die saal bly: B.A. in 1950, LL.B. in 1952 en die eerste LL.M. wat aan Tukkie toegeken is, in 1958.

"My eerste werk was as prosesklerk in die landdroshof. Ek het verkeersdagvaardings gestempel. Dwaf-dwaf-dwaf! Ek sal binne 'n dag vir jou kan sê hoe werk die Johannesburgse landdroshof, ek het hom van die *bottom* af geken."

Hy het staatsadvokaat in Pretoria geword en onder regter Gerrit Maritz se skerp tong deurgeloop. Dit was die regter wat die bynaam “Die man wat glimlag terwyl hy jou steek” onder sommige beskuldigdes gehad het. Hy het staatsadvokaat in Pietermaritzburg geword, sy vrou, Lucille de Jager, ontmoet, en is terug Pretoria toe as regsadviseur vir die Transvaalse Administrasie.

Ná ’n draai in Grahamstad as staatsadvokaat, het hy senior lektor aan die Universiteit van Durban-Westville geword. In 1974 is hy as professor aan die UV aangestel, waar hy in 1990 afgetree het. Maar hy is steeds hier en gee een lesing ’n week.

“Ek was te oud om te leer gholf speel, óf vir brug en seëls versamel. Ek hou by wat ek ken. Dis ’n lekker *job*. Prof. Wahl, voorheen professor in Engels, het altyd gesê die universiteit is die beste plek in die wêreld – behalwe vir die studente!

“By Durban-Westville wou almal Strafreg gee. Ek ook, dit is mos lekker *blood and guts*. Niemand wou Romeinse Reg gee nie, toe gee ek dit maar.”

Hy het nie Latyn op skool gehad nie en met Latyn Spes op universiteit begin, toe Latyn I, maar sy punt was “omtrent 15%”. Sy ma het iemand gekry vir ekstra klasse. Dit was die pa van die vorige regterpresident van die Vrystaat, regter E. K. W. Lichtenberg. “Hy was vir my só ’n inspirasie dat ek nooit met Latyn opgehou het nie. Hy was ’n wonderlike leermeester.”

Hy het ’n besondere liefde vir die Romeinse geskiedenis en veral vir Bybelse Latyn. In 1983 behaal hy sy doktorsgraad in Latyn – ’n volle 33 jaar na die spesiale klasse.

Wat is dit aan Latyn wat hom aantrek? “Die uitdaging om dit te leer en te lees en vir die waarhede daarin. Dit is soos ’n blokkiesraaisel.”

En voor mens vergeet, Wessels het in 1973 ’n doktorsgraad in Staatsleer onder prof. H.J. Strauss behaal. Dit is nog op die Bloemfonteinse Skougronde toegeken, want daar was nog nie ’n Callie Human-sentrum nie. Sy onderwerp was *Die Wet op die onderdrukking van kommunisme, Wet 44 van 1955*. As wetsopsteller vir die provinsiale administrasie het hy gewys watter leemtes in die wet bestaan. Ná ’n lesing wat hy gegee het oor die onderdrukking van kommunisme, het kolle-

gas geskerts die manne met “die reënjasse en slap hoedjies” gaan wag vir hom. By die kantoor het ’n boodskap gelê: “Bel dringend die kaptein by die veiligheidspolisie.” Vir die twee ure voor hy kon bel, het hy behoorlik gesweet.

“Die kaptein het toe al die tyd by Unisa geswot en wou net hê ek moes hom help met iets.” Weer lag Boelie Wessels daai lekker lag dat die trane blink in sy oë.

Tussen die doktorsgrade het MA-grade in Strafreg, Staatsleer en Latyn gevolg. Toe hy Latyn onder die knie het, vind hy uit hy moet eintlik Grieks ook ken. “Ag ja wat, Grieks was maklik.”

Toe volg MA-grade in Bybelkunde, Hebreus, Kerkgeskiedenis en Nabye Oosterse Studies.

Tans is hy besig met sy doktorsgraad in Nabye Oosterse Studies. Hy lees meer oor ’n onderwerp waarin hy geïnteresseerd is, maar verloor dan belangstelling. Dan kom daar niks van nie, soos sy studie oor gelykheid – wanneer is die mens gelyk. Hy het stapels aantekeninge hieroor gehad.

“Ek moet my inskryf vir ’n program. Dan kom ek verder. Ek doen dit nie vir die grade nie, maar vir die studie. Hoe meer jy leer, hoe meer besef jy jy is besig om aan die oppervlakte te krap. Ek stel baie belang in die Ou Testament. Ag jittetjie tog, ek het nóg ’n leeftyd nodig!”

Hy het egter niks planne vir enige studie ná sy derde doktorsgraad nie. Hy is ook nie haastig nie, sê hy.

“Ek het te veel ouens gesien wat werk dat hulle bars. Hulle dink as hulle ophou werk, is dit dan hul vakansietjie. Dit is nie so nie, hulle is kort daarna dood, die arme ouens. Ek sprei hom maar ’n bietjie uit, wat.”

Met nagraadse studie het jy tyd nodig om te dink, sê hy. Sy beste dinktyd is as hy met sy vrou se steekhaarrier, Button, gaan stap.

Hy het ook baie tyd om te dink as hy die 1 km universiteit toe stap en terug. Want ná 14 grade en amper drie doktorsgrade het prof. Boelie Wessels nog nie ’n bestuurslisensie nie.

Vakansies reis hulle per bus na hul kinders en gesinne. Manie is ’n psigiater in Kempton Park en hul dogter, Louise Hediger, ’n opgeleide radiografis, is in Kaapstad. ■



Prof. Boelie Wessels,

is op 72 professor in Romeinse Regsgeskiedenis aan die Universiteit van die Vrystaat (UV), besig met sy derde doktorsgraad en veertiende graad. Maar hy is steeds nie te oud om te leer nie – veral nie oor mense nie.

Grade vanjaar ingeryg

'n Rekordaantal
studente het
doktorsgrade ontvang.

'n Rekordgetal van 2 582 studente het in Maart grade aan die Universiteit van die Vrystaat gekry. Dit is 500 meer as verlede jaar en die meeste nog aan die UV. 'n Rekordaantal studente het terselfdertyd doktorsgrade ontvang.


Die grootste groep gegradueerders (866) was van die Skool vir Opvoedkunde. In die Fakulteit Gesondheidswetenskappe het 280 studente graad gekry, 35 studente by Teologie, 87 by Regsgeleerdheid, 392 by Geesteswetenskappe se Lettere en Sosiale Wetenskappe, 417 by Natuur- en Landbouwetenskappe en 505 by Ekonomiese en Bestuurswetenskappe.

'n Totaal van 52 doktorsgrade is toegeken, waarvan 22 by die Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe en 20 by Geesteswetenskappe.

'n Raadsmedalje is aan Prof. Dingie Janse van Rensburg toegeken en eredoktorsgrade onderskeidelik aan Dr. Harold Serebro, Prof. Eric de Corte en Prof. Alfred Sykes.

Prof. Dingie Janse van Rensburg, stigter en hoof van die Sentrum vir Gesondheidsstelselnavorsing en -ontwikkeling (SGSN&O) aan die UV het reeds drie merietetoekennings van die UV ontvang vir sy akademiese prestasies.

Sy pionierswerk op die terrein van mediese sosiologie is waarskynlik sy mees uitstaande prestasie. Hy was 'n baanbreker in die mediese sosiologie in Suid-Afrika, beide wat betref navorsing en die daarstelling van voorgraadse en na-graadse kursusse. Vir hierdie prestasie het hy die Stals-prys vir Sosiologie van die Suid-Afrikaanse



Prestasie: Dr. Harold Serebro, senior uitvoerende direkteur van Altron, kry hier sy eredoktorsgraad van dr. Franklin Sonn, Kanselier, op vanjaar se gradeplegtigheid.

Akademie vir Wetenskap en Kuns gekry.

Dr. Serebro, senior uitvoerende direkteur van Altron en direkteur van Altech, Autopage Holdings en Bytes Technology Group Limited (BTG), het die graad Ph.D. honoris causa ontvang. Hy het in 1994 die staatspresident se toekenning vir uitvoer ontvang en November 1995 het hy die staatspresident se toekenning vir buitengewone meriete op die terrein van uitvoer gekry. Hy is skrywer van die twee internasionale blitsverkopers *Stress, spasm and you* en *Devil and his Servant* oor die Tweede Wêreldoorlog.

Hy het wyle Prof. Kerneels Nel, Dekaan van Gesondheidswetenskappe, aan Dr. Bill Venter voorgestel, wat uitgeloop het op die vestiging van die Bill Venter- Vaskulêre Eenheid. Die eenheid het die afgelope 15 jaar duisende pasiënte behandel. Hy is aktief betrokke by verskeie van die UV se fondsinsamelingspogings in Johannesburg en dien die afgelope 15 jaar op die UV-Stigting se Raad van Trustees.


Prof. De Corte, Direkteur van die Sentrum vir Onderrigsielkunde en Tegnologie aan die Universiteit van Leuven, is 'n hoogs gerespekteerde akademikus op die terrein van Opvoedkundige Sielkunde en Opvoedkunde. Sy betrokkenheid by Suid-Afrikaanse onderwys strek terug na 1979 toe hy sewe universiteite, waaronder die UV, besoek het. Sedert 1996 is hy promotor van sewe projekte oor leer en onderrig in 'n uitkomsgebaseerde omgewing. Die laaste projek het in Oktober verlede jaar ten einde geloop.

Prof. Sykes, Chemikus aan die Universiteit van Leeds, het die graad D.Sc. *honoris causa* ontvang.

Hy het 'n leidende rol gespeel in die ontwikkeling van verskillende terreine van die chemiese wetenskappe. Hy is bekend vir die gehalte en omvang van sy wetenskaplike publikasies, asook sy bydrae tot die opleiding en ontwikkeling van jong wetenskaplikes in Chemie. ■




Reg vir die wêreld: Studente van die Fakulteit Regsgeleerdheid wat dekaansmedaljes gekry het, is van links mnr. Francois Wessels, me. Lynette Fouché en mnr. Bradley Smith. (Foto: Volksblad)




Ambition: Mr Neo Masithela, ANC member of parliament from Bloemfontein, received his MBA degree in March. He is now doing a LL.B. degree and also hopes to complete a degree in business leadership. Mr Masithela said he believes the UFS's Business School is the best in the country. (Photo: Volksblad)

Die grootste groep gradueerdes was van die Skool vir Opvoedkunde.



Uitblinkers: *Stude*nte aan die Fakulteit Geesteswetenskappe wat dekaans- en senaatsmedaljes vir akademiese prestasie gekry het, is van links me. Almeri Etsebeth, ds. Nic Schmidt en me. Maura Robinson (Foto: Volksblad)



Presteerders: Me. Carli van der Westhuizen en mnr. Dawid Yeowart het dekaansmedaljes vir hul akademiese prestasies gekry. (Foto: Volksblad)

Doktorsgrade is soos volg toegeken:

Gesondheidswetenskappe:

- **Perpetual Chikobvu:** *Randomised placebo-controlled trial to evaluate the effect of vitamin A on mother-to-child transmission of HIV - 1.* Bloemfontein.
- **Catharina Elizabeth Roets:** *Phage display selection of peptide inhibitors of factor VIIa and their functional characterisation.*

Teologie:

- **Bright Afeke** (Sendingwetenskap): *Leadership in African context: A missiological approach*
- **Chris Saayman** (Ekklesiologie): *Die toeëiening van die heil by die Nederduitse Gereformeerde kerk 1652 - 1860.* 'n Kerkhistoriese ondersoek.
- **Johannes Dawid van der Westhuizen** (Praktiese Teologie): *Dekonstruering van die verhoudingswanbalans tussen adolessente en ouers: 'n Pastoraal-narratiewe benadering.*

Regsgeleerdheid:

- **Gerhardus Johannes Ebersöhn** (Handelsreg): *Copyright and trade mark infringements: The digital revolution.*
- **Magdalena Slabbert** (Geneeskundige reg): *Handeldryf met menslike organe en weefsel vir oorplantingsdoeleindes.*

Geesteswetenskappe:

- **Adriana Albertus Beylefeld** (Mediese en Hoëronderwysstudies): *Integration and assessment of critical outcomes in a learning programme for first-year medical students.*
- **Magdalen Petronella Carstens** (Kindersielkunde): *'n Evaluasie van filialterapie.*
- **Petrus Abraham Croucamp:** *The social relations of the taxi industry in South Africa: Contending theories of corporatism, pluralism and systematic patronage.*
- **Kenith Devenish** (Maatskaplike werk): *Die aanwending van tolke in maatskaplike werk.*
- **Johannes Gerhardus Hattingh** (Sielkunde): *Die gebruik van fantasie om kreatiwiteit by kleuters te bevorder: 'n Begeleidingsprogram vir moeders.*
- **Johan Hendrik Ligthelm** (Geschiedenis): *Genl. J.C.J. Kemp, 1914 - 1946: Rebel of politieke leier?*
- **Estelle Alma Maré** (Kunsgeskiedenis): *El Greco's Achievement of his personal manierá.*
- **Jacobus Scheepers Rademeyer** (Geschiedenis): *Die rol van sportisolasie as faktor in die daarstelling van 'n nuwe politieke bedeling in Suid-Afrika, 1980 - 1992.*
- **Jacques Eugene Raubenheimer** (Sielkunde): *Structural modelling of the interrelationships between Christian faith, religious orientation and love styles.*
- **Renate Scherrer** (Kliniese sielkunde): *Die evaluering van die gesinsadvokaatstelsel aan die hand*

van die persepsie en belewenis van die rolspelers.

- **Jan-Adriaan Stemmet** (Geschiedenis): *Apartheid under siege, 1984 - 1988: Actions and reactions.*
- **Christél Venter** (Afrikaans en Nederlands): *'n Sisteemteoretiese perspektief op die vertaling van Suid-Afrikaanse literatuur in Nederlands.*
- **Martina Viljoen** (Musiek, Wysbegeerte, Kunsgeskiedenis en Visuele kultuurstudie): *Gospel rap and ideology: Exploring new paths in critical musicology.*
- **Urshula Susanna Viljoen** (Sielkunde): *The use of metaphor in child psychotherapy: The development of an integrated mode.*
- **Stephen Peter Walker** (Sielkunde): *The court for sexual offences: Perceptions of the parties involved.*
- **Kinningale Stewart Alston** (Vergelykende opvoedkunde): *The constitutional right to freedom of expression: An exploration of its relevance to the South African school community.*
- **Philip Collett** (Hoëronderwysstudies): *Developing the academic literacy of undergraduates studying by distance education in South Africa.*
- **Lilette du Toit** (Hoëronderwysstudies): *Quality assesment of the management of an instructional offering process: Research methodology in the B.Tech. programme in Technikon: A systems approach.*
- **Dipane Joseph Hlalele** (Psigo-opvoedkunde): *The effects of the termination of pregnancy on black adolescent schoolgirls in the Eastern Free State.*



Groot eer: 'n Eredoktersgraad is aan prof. Eric de Korte (regs) van die Universiteit in Leuven in België toegeken. Hy is deur prof. Gawie du Toit (links) van die Skool vir Opvoedkunde benoem. (Foto: Volksblad)

'n Totaal van 52 doktorsgrade is toegeken, waarvan 22 by die Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe en 20 by Geesteswetenskappe.

• **Liteboho Ednah Monnapula-Mapesela** (Vergelykende opvoedkunde): *Staff satisfaction in a South African university undergoing transformation.*

Natuur- en landbouwetenskappe:

• **Annelie Barnard** (Planteteelt): *Genetic variability and analysis of screening procedures for preharvest sprouting in South African winter wheat (triticum aestivum) cultivars.*

• **Madelyn Bekker** (Chemie): *Structure and synthesis of selected metabolites from guibourtia coleosperma.*

• **Schalk Willem Petrus Van der Merwe Cloete** (Veekunde): *Studies on the behavioural and genetic aspects of ewe rearing ability and lamb survival in South African sheep flocks.*

• **Kevin William Christison** (Dierkunde): *Branchial monogenean parasites (monogenea: dactylogryidae) of fishes from the Okovango River and Delta, Botswana.*

• **Matayo Davidi** (Veekunde): *The control of certain goat ectoparasites in Tanzania using neem seed oil extract.*

• **Sendros Demeke Mulugeta** (Veekunde): *Genetic factors affecting milk production, growth and reproduction traits in bos indicus x bos Taurus crosses in Ethiopia.*

• **Abule Ebro Gedda** (Weidingkunde): *Rangeland evaluation in relation to pastoralists perceptions in the*

Middle Awash valley of Ethiopia.

• **Adugna Wakjira Gemelal** (Planteteelt): *Genetic diversity analysis of linseed (linus usitatissimum l.) in different environments.*

• **Tsige Genet Kassa** (Planteteelt): *Genetic diversity analysis and genotype x environment interaction in Ethiopian mustard (brassica carinata a. braun).*

• **Solomon Abegaz Kebede** (Veekunde): *Genetic evaluation of production, reproduction and survival in a flock of Ethiopian horro sheep.*

• **André Francois Malan** (Genetika): *Phylogeny of the genera karroochloa, merxmullera and schismus (poaceae).*

• **Eben Maré** (Toegepaste wiskunde): *Analysis of numerical approximation algorithms for nonlinear differential equations using a discrete multiple scales technique.*

• **Helene Peters** (Dierkunde): *Reproductive processes of scyphidid peritrichs associated with limpet and haliotid hosts along the coast of South Africa.*

• **Tilahun Seyoum Workneh** (Voedselwetenskap): *The improvement of the shelf life of vegetables through pre- and postharvest treatments.*

• **Lemma Gizachew Gebreal** (Weidingkunde): *Crude protein and mineral status of forages grown on pellic vertisol of Ginchi, central highlands of Ethiopia.*

• **Dandré Petro Smith** (Mikrobiologie): *3-Hydroxy oxylipins in the yeast families lipomycetaceae and dipodascaceae.*

• **Tarekegn Geleta Terefe** (Plantpatologie): *Epidemiology of grain mould of sorghum in South Africa and Ethiopia.*

• **Kibebew Kibret Tsehail** (Grondkunde): *Estimating water retention for major soils in the Hararghe region, eastern Ethiopia.*

• **Justine Jane Isabel Walmsley** (Omgevingsbestuur): *Development of sustainability indicators for catchment management information systems.*

• **Eshetu Mulatu Woldeesemaet** (Planteteelt en Agronomie): *Seed systems and small-scale farmers: A case study of Ethiopia and South Africa.*

• **Yali Edessa Woyessa** (Grondkunde): *The effect of tillage and residue cover on runoff and soil loss from two land units.*

• **Ketema Tilahun Zeleke** (Geohidrologie en Grondkunde): *Tracing water and nitrate movement through soil with bromide.*

Ekonomiese en bestuurswetenskappe:

• **Jesse Ada de Beer** (Ekonomie): *The impact of the proposed new capital adequacy framework on credit risk management practices of South African banks.*

• **Londoloza Leo Luvuno** (Openbare bestuur): *Application of selected public sector management techniques to improve service delivery.*

• **Renier van Rooyen** (Openbare bestuur): *The administration of development planning in a changing South Africa.*

X-Files

dalk nie so onwerklik

Deur Sarina Myburgh

Vir die wat gedink het iets soos mikro-organismes van honderde duisende jare oud – en boonop voorheen onbekend aan die mens – is 'n saak vir Mulder & Scully van die X-files...
Dink weer!

Die Princeton-universiteit van Amerika het in 1996 navorsing in diep Suid-Afrikaanse goudmyne begin doen, hoofsaaklik om die geologiese omgewing te karakteriseer. Suid-Afrikaanse goudmyne is die diepste myne ter wêreld en bied 'n unieke venster op die evolusie van lewe op aarde.

Hierdie groep se vertrekpunt was geologies van aard. Hulle het hoofsaaklik belang gestel in die rotsformasies en grondwater. Sodoende kan onder meer vasgestel word hoe oud die aarde is.

In die navorsing is ook op 'n mikro-organisme afgekom wat al miljoene jare in die water onder die grond vasgevang is en daar lewe. Met verdere ondersoek is meer organismes gevind en dit het tot 'n nuwe navorsingsprojek gelei.

Die Princeton-universiteit het die Universiteit van

die Vrystaat in 2000 aktief by die LExEN-projek (Life in Extreme Environments) betrek. Sodoende word die bio-diversiteit van Suid-Afrika beter bestudeer en die nuwe mikrobies en genetiese materiaal beskerm. Prof. Derek Litthauer en Dr. Esta van Heerden van die Departement Mikrobiëse, Biochemiese en Voedselbiotegnologie aan die Universiteit van die Vrystaat tree op as kurators vir die biologiese materiaal en is die hoofnavorsers op hierdie unieke lewensvorme in Suid-Afrika.

Die ontdekking van hierdie organismes blyk 'n ryke vonds te wees. Met nadere ondersoek is gevind dat die organismes onder meer metale se oksidasietoestande kan verander. Chroom VI, wat uiters skadelik vir die mens is, word na Chroom III verander – wat baie minder skadelik is.




Vir die mikro-organismes is hierdie transformasieproses 'n aktiewe, natuurlike proses aangesien hulle dit doen om energie vry te stel om te kan voort leef.

Die voordeel wat hierdie organismes vir die omgewing kan inhou as dit in biotegnologiese prosesse gebruik word, is omvangryk. Deur die jare het baie nywerhede die omgewing besoedel. In die geval van Chroom (VI) is leerlooierye dikwels die sondebok. Hierdie organismes kan onder goedbeheerde toestande die swaarmetaalkontaminasie verminder in 'n proses wat bioremediëring genoem word.

Dit is daarom dat Dr. van Heerden en die Extreme Biochemistry-groep en Prof. T.C. Onstott, koördineerder van die program, van die Princeton-



Navorsers: Dr. Esta van Heerden



universiteit, baie nou met Suid-Afrikaanse goudmyne saamwerk.

Suid-Afrika se goudmyne is die diepste myne in die wêreld en bied dus maklike toegang tot rotsformasies en grondwater diep onder die aarde se oppervlak waar dié organismes voorkom.

Deur die funksionele gene te vind en te kloon kan navorsing gedoen word om natuurlike produkte te produseer wat vir die samelewing tot voordeel kan wees.

Die eenvoudige voorbeeld hiervan is die ensieme wat in waspoeiers gebruik word om proteïenvlekke, soos bloed, en vetkollie te verwyder. Die biologiese kataliste kan egter ook gebruik word om spesiale verbindings soos geneesmiddels te vervaardig, wat uiters moeilik is om reg te kry deur konvensionele chemie. Omdat hierdie organismes gewoon is om onder hoë temperature te funksioneer kan die biokataliste by hoë temperature (soos warm water) gebruik word, wat hul effektiwiteit verhoog.

Die LEXEN- projek word befonds deur die United States National Science Foundation (NSF) met addisionele steun deur die US National Aeronautics and Space Administration (NASA) en die National Research Foundation (NRF) van Suid-Afrika.

Hierdie organisasies stel veral belang in die astrobiologiese aspekte van die navorsing omdat die lewensvorme wat in die ekstreme

omgewings op aarde lewe heel dikwels die naaste is aan wat op ander plekke verwag kan word.

Dr. van Heerden sê die inligting wat verkry word en die tegnieke wat ontwikkel word, word gebruik om onder meer ondersoek op Mars te beplan.

“Ons leer ook baie oor die fisiese en chemiese grense waarbinne lewende organismes op aarde kan funksioneer.”

Volgens Dr. Van Heerden bied hierdie projek verskeie voordele vir die Universiteit van die Vrystaat. Daar is gereelde interaksie tussen die UV en ander internasionale instansies en dit bied die geleentheid vir uitruil van kundigheid asook internasionale blootstelling en publisiteit vir die UV.

Die Universiteit word ook voorsien van duur toerusting en ekstra navorsingsfondse. Deur die gereelde samewerking met ander internasionale universiteite kry voor- en na-graadse studente wat deelneem aan die projek die geleentheid om interaksie met bekende internasionale kundiges te hê en te sien hoe navorsing in groter laboratoriums plaasvind.

Daar is 'n uitruilskema met die Princeton-universiteit vir voorgraadse studente.

Dit wil voorkom asof hierdie “nuwe” mikro-organismes op meer as een vlak nog voordele vir die samelewing kan inhou...

Miskien is die X-files tog glad nie só vergesog nie... ■

In die navorsing is ook op 'n mikro-organisme afgekom wat al miljoene jare in water onder die grond vasgevang is en daar lewe.

Philippolis:

Die UV kán 'n verskil maak Deur Ilse Olivier



Bystand: Projekte in die woonbuurte by Philippolis kan 'n verskil aan mense se lewenskwaliteit maak.

Die Departement Maatskaplike Werk aan die Universiteit van die Vrystaat is sedert 1999 besig om op 'n besonder manier waarde aan die lewenskwaliteit van die inwoners van Philippolis toe te voeg.

In 'n perfekte simfonie van onderrig, praktiese ondervinding, navorsing en gemeenskapsdiens, slaag die departement daarin om

nie net aan studente broodnodige praktiese ondervinding te verskaf nie, maar word daar ook belangrike navorsing gedoen en boonop vind die gemeenskap in Philippolis op 'n tasbare wyse baat by die betrokkenheid van die studente en personeel.

Bergmanshoogte, die tradisionele woongebied van die bruin gemeenskap in Philippolis voer elke dag 'n oorlewingstryd, tesame met die swart gemeenskap in Poding-tse-Rolo en toenemend ook saam met die res van Philippolis se mense. Groot armoede en behoefte onder al die gemeenskappe neem toe. Die landbou is onder druk, baie plaaswerkers trek dorp toe en sit dan sonder werk, en die wit gemeenskap het baie van hulle vorige hulpbronne verloor.

Daar is egter hoop vir Philippolis – danksy die toewyding, deursettingsvermoë en baie harde werk van die gemeenskap self en die vennote van die Vrystaatse Plattelandse Ontwikkelingsvennootskapsprogram (VPOVP), waarvan die Samele-

wingsdiensdirektoraaat aan die UV ook deel is.

Ander vennote in die projek is die Kerklike Maatskaplike Diens (KMD), die Departement van Welsyn, plaaslike NRO's en lede van die gemeenskap wat hulle daarvoor beywer om die voortbestaan en groei van hierdie Vrystaatse juweel te verseker.

Danksy meer as 10 jaar se ervaring in Mangaung met die Mangaung-Universiteit van die Vrystaat Gemeenskapsvennootskapsprogram (MUVGP), kan die Universiteit 'n sinvolle bydrae lewer tot die ontwikkeling van die gemeenskappe in hierdie deel van die Vrystaat.

Die hoofdoelwit van die VPOVP is volhoubare ontwikkeling in die gemeenskap en nie bloot welsyn nie. Hierdie doelwit word deur die VPOVP-vennote sowel as die gemeenskap gedeel. Ook aan universiteitskant is daar toenemend belangstelling om by die Departement Maatskaplike Werk aan te sluit.

Vyf finalejaarstudente van die Departement Maatskaplike Werk doen elke jaar praktiese werk in Philippolis. Dit beteken dat die studente twee dae per week vir 'n hele jaar in Philippolis deurbring, waar hulle maatskaplike dienste lewer.

Hierdie dienste het ten doel om ontwikkeling in die gemeenskap te fasiliteer op maatskaplike, gesondheids-, geestelike en ekonomiese vlak. Tipesie probleme waarmee die studente te doen kry is armoede, gesinsprobleme, verslawing, misdad en kinder- en bejaardeverwaarlosing.

Verder bied die studente ook lewensvaardighedsprojekte by die Bergmanshoogte Intermediêre Skool aan. Weeklikse groepsessies word hier gehou

Homegrown foods soon on the shelves

waar sake volgens die behoefte van die groep bespreek word. Van die grootste probleme waarmee tieners hier worstel, is vigs en jeugmisdaad. Ongereelde skoolbywoning en diefstal van kos en die pensioene van bejaardes vier hoogty.

Jeugprobleme in Bergmashoogte en Poding-tse-Rolo is een van die grootste uitdagings – 'n sentiment wat ook deur gemeenskapsleiers in die dorp herhaal word.

Die departement is ook intens betrokke by bemagtigingsprogramme vir plaasgemeenskappe. Hier word ook dieperliggende probleme soos 'n gebrek aan selfhandhawende gedrag en onvermoë om behoeftes uit te spreek deur die finalejaarstudente hanteer.

Hulp is nodig – maar nie welsyn nie. Die gemeenskap kan en wil homself help, sê Ntate Stuurman Ntsabo, predikant in die Poding-tse-Rolo-gemeente.

Dit het hulle bewys toe die gemeenskap saamgewerk het om 'n kerk te bou. Elkeen het sy deel bygedra: met sand, of sement of hande om die kerk te bou. Die potensiaal is daar. Wat kort is die kundigheid om regeringfondse vir ontwikkelingsprojekte aan te wend en mense wat kan help om die potensiaal wat reeds daar is, los te maak.

Volgens Dr. Retha du Plessis, dosent aan die Departement Maatskaplike Werk en nou betrokke by die Philippolis-projekte, word deelnemende-aksienavorsing as die navorsingsmetodologie hier gebruik.

“Hierdie tipe navorsing het tot gevolg dat deelnemers self tot aksies oorgaan wat hulle bemagtig en in staat stel om knelpunte te hanteer en hulle lewensomstandighede verander.

“Dit is ook verblydend om te sien hoe die boer en sy gesin, en die plaaswerkers en hulle gesinne toenemend getuig van groter wedersydse begrip en ondersteuning.” ■

Visitors to the Bloemfontein Show earlier this year had a taste of the food which are the fruits of a poverty alleviation initiative between the CSIR and the Mangaung University Community Partnership Programme (MUCPP). This project aims to improve the social and economic development of communities, alleviate poverty, create sustainable SMME's and promote an understanding of the potential of enterprise activities based on indigenous resources and innovative technologies.

So far the food could only be bought at the Tsa Setso Food Enterprise's shop which is managed and administered by the MUCPP in Mangaung outside Bloemfontein, but negotiations are underway to get it on the shelves of major supermarket groups in South Africa. Projects have also been undertaken in KwaZulu-Natal, Limpopo, North West and the Eastern Cape.

Mr Eddie Sillands, manager of the project in the Free State, said the first phase of the project was to identify indigenous foods, then to establish processing centres and SMME's. They are now in the phase where they can market and commercialise the products.

The aim is to bring nutritional indigenous foods within reach of modern people with busy lifestyles. Products like Dipabi cookies, Dipabi chocolate

bars, Potele muffin mix, Dikgobe grain mix (Nyakafatane) and Mohadikoane, a roasted and milled wheat cereal, have been developed by the CSIR Food, Biological and Chemical Technologies based on indigenous food concepts sourced from community groups at fairs. The products made in Mangaung are based on traditional Sesotho foods.

The raw materials for the Mangaung project are supplied by die Etsa Phapang farmers' group and profits are ploughed back into communities.

Negotiations are also underway with a major catering supplier to commercialise a snack mix and two biscuit premixes based on indigenous raw materials. ■



Shopping: Products from Tsa Setso Food Enterprises. Tsa Setso means “back to tradition”.



Entrepreneur: Ms Madibuseng Mananzani, regional winner of the indigenous food fair in the Free State.

Voeg waarde by navorsing

“Nagraadse studente lewer gehalte navorsingsuitsette wat gerapporteer moet word. Die breë gemeenskap het belang daarby. Dit moenie net op die rak lê en stof vergader nie.”

Só sê Prof. Tienie Crous, dekaan van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe aan die UV. Drie van die fakulteit se MBA-studente en ’n Ph.D.-student lewer in Junie referate voor uitgelese gehore in die buiteland. Hulle referate moes eers streng keuring deurgaang voordat hulle hul tasse vir die buiteland kon pak.

Prof. Crous sê dit is ’n pluimpie vir die fakulteit. Dit is die eerste keer dat (oud-)studente op hierdie skaal die universiteit se naam in die buiteland gaan hoog hou.

Dr. Rudolph van Buuren en mnr. Pieter du Toit en Chris Wiegand lewer referate op die 48ste konferensie van die International Council for Small Business in Belfast, Ierland. Mnr. Danie Jacobs sal die 10de opvoedkundekongres van EdiNeb in Salzburg, Oostenryk, toespreek.

Du Toit (34), ’n mediese fisikus van NMS in Bloemfontein, het gekyk na die rol van waardes in waardetoevoeging by klein en medium ondernemings. Hy sê die aanknopingspunt was die debat rondom die boekhouskandaal by die Amerikaanse maatskappy Enron en die vraag is dan gestel waarom ondernemings vou. Die aanvanklike navorsing was generies van aard en hoofsaaklik van toepassing op Suid-Afrika.

Hy sê vir klein ondernemings moet die klem op etiese handeldrywing val. Dit is makliker om op klein ondernemings te fokus as om groter maatskappye om te swaai.

Wiegand (34) van die Eenheid vir Taalfasilitering aan die UV gee aandag aan die uitwerking van taalstrategie op die klein en medium onderneming. Hy sê in globalisering val die klem maklik op Engels, maar ’n eentalige benadering kan die besigheid op sigseslf strem en lei tot interne en eksterne kommunikasiegapings vir die onderneming.

Klein ondernemings sal ook aandag aan ’n taalstrategie moet gee omdat dit koste-effektiwiteit meebring. Ondernemings sal ’n veeltaal-strategie moet hê, veral as hulle fokus op ontwikkelende lande en bemerking in daardie lande en dienslewering aan die kliënt.

“Min mense dink taal kan ’n pluspunt vir enige besigheid wees. Dit moet innoverend gebruik word om ’n mededingende



Strewe na sukses: Hier is Prof. Tienie Crous (links) by sy studente. Om die tafel is van links Dr. Rudolph van Buuren en Pieter du Toit, en agter staan Danie Jacobs en Chris Wiegand.

voordeel op die mededingers te verkry,” sê hy.

Jacobs (30) van die Departement Sosiologie sal die klem laat val op beste praktyke en suksesfaktore vir inligtingstechnologie (IT) in die hoër onderwys. Hy het bevind die gebruik van IT is onvoldoende vir voorgraadse studente. Hulle moet ondersteuning kry met aanlynstudie. “Die tegnologie is baie meer van pas vir volwasse en nagraadse studente. Baie instellings gebruik dit voorgraads as inkomstebron, maar die sukses van studente is nie ’n prioriteit nie,” sê hy. “Die profiel van die student moet in ag geneem word en meganismes moet ingebou word om die student te help.”

Persoonlike en sosiale ontwikkeling vind in die klassituasie plaas. Sommige instellings maak ook die fout om e-lering (*e-learning*) gelyk te stel aan ’n klaservaing, wat dit nie is nie. Prof. Crous sê persoonlike kontak is veral vir voorgraadse studente belangrik.

Van Buuren (43), hoofadviseur: strategiese kommunikasie by Eskom, laat die klem val op die intydse implementering van strategiese planne in die mediumgrootte organisasie. Hy sê die omgewing waarin sake gedoen word, verander so vinnig dat tradisionele metodes nie meer toegepas kan word nie.

Hy sê medium organisasies behoort meer intydse beplanning te doen en moet wegbeweeg van jaarbeplanning. “Hulle moenie groot ondernemings namaak nie. Hulle het nog die vermoë om vinnig te beweeg op veranderinge.” ■

Kunstefees

gaan 'n **wenner** wees

'n Groter, opwindender, plesieriger Volksblad-kunstefees word vanjaar gehou – van nóg beter gehalte as die voriges met verskeie kunstreffers wat skares van alle ouderdomme se smaak sal bevredig. Dagboek nou al 9 tot 13 Julie vir die fees in Bloemfontein.

Mev. Doks Briers, organiseerder, sê baie meer opwinding as tevore is dwarsdeur die program versprei en in die aanloop tot dusver was ongekende belangstelling en geesdrif. Die Universiteit van die Vrystaat verskaf die feesterrein en infrastruktuur.

Een van die groot kunstreffers van die fees is die skouspelagtige musiekproduksie *Sonder grense* wat skares op die Klein Karoo Nasionale Kunstefees (KKNK) op hul voete gehad het. Volksblad-kunstefeesgangers is bevoorreg dat hulle die eerstes sal wees wat ná die KKNK dié skouspel van musiek, sang, dans, ligte en treffende beelde op 'n imposante videoskerm gaan beleef.

Die baie gewilde sanger Coenie de Villiers gaan ook die eerste keer in baie jare 'n solo-vertoning in Bloemfontein hou.

Laurika Rauch met haar *Balkon*, Theuns Jordaan en Anton la Mour, Anton Goosen en Vrinne (met 'n interessante spyskaart), Amanda Strydom, Koos Kombuis en ddisseblom (saam en afsonderlik), Valiant Swart en Mel Botes met hul *Song vir Katryn*, Sarah Theron, Matthys Roets, André Swiegers, die DNA Strings, Lize Beekman en Pedro Kruger is van die groot name wat met hul musiek die winterkoue gaan verdryf.

'n Groot rock-konsert word ook in die Callie Human-saal gehou. 'n Groter boekefees, Boekekraal, word in die Volksjool (Van der Merwe Scholtz-saal) gehou.

Minstens agt nuwe boeke word bekend gestel. Die tydskrif *Sarie* borg die boekebesprekings. Elize Parker van *Sarie* gaan onderhoude voer met bekendes in die letterkondewêreld, Naln bied 'n boekontbyt aan en die departement Afrikaans van die UV reël 'n Etienne le Roux-seminaar.

Op die dramafees is die aangrypende *Raaiselkind* (Annelie Botes se verhaal oor 'n outistiese kind) die vlagskipproduksie, terwyl *Man-alleen* met Lindi Stander, *Mattewis en Meraai* (UV-dramadepartement), *Klarabelle gaan Kaap toe*, Margit Meyer-Rödenbeck (Dowwe Dolla) in *Jong Dames Dinamiet* (dit speel in Bultfontein af), Isadora Verwey en Annamart van der Merwe in *Pendoring Edms. Bpk.* van die dramas is wat harte gaan roer en die lagspiere gaan prikkel.

Daar is ook 'n sterk jazz-element met onder andere die Bolling Suite en Noel Stockton en Melodoi-jazz van Thaba Nchu. Drie uitstekende kinderproduksies is *Shing Li*, *Spook van die ATKV* en *Boetman en sy classic boeties*.

Vir liefhebbers van klassieke musiek is daar ook genoeg met onder andere Derek Ochse se Barok-ensemble, Duo 2000 (harp en akkordeon), die Black Ties en Neil van Niekerk se *Aand by Oprah*.

Vir balletgeesdriftiges is daar die Aardklop-treffer *Lyftaal*, terwyl die Departement Beeldende Kunste van die UV interessante uitstallings reël.

Daar is die Sondag 'n gospel-program.

Navrae kan gerig word deur Doks Briers, Atie Kamper, Nols Nieman of Sobeth Bester by (051) 404-7600 te bel. Die webblad is www.volksbladfees.co.za ■

'Baie meer opwinding as tevore is dwarsdeur die program versprei en in die aanloop tot dusver was ongekende belangstelling en geesdrif.'

Bou regeringskapasiteit met nuwe

Eenheid

Die eerste Eenheid vir Plaaslike Regering in die Vrystaat is deur die Departement Openbare Bestuur aan die Universiteit van die Vrystaat bekend gestel. Die Eenheid is 'n gesamentlike projek van die Vlaamse Regering, die Vrystaatse Provinsiale Regering, die Suid-Afrikaanse Plaaslike Regeringsvereniging (SALGA) en die UV.

Die hoofdoelwit van die Eenheid is om kapasiteitsbou in die Vrystaatse Plaaslike Regering te bewerkstellig. Dit sal gedoen word deur die gapings te vul wat veroorsaak word deur onvoldoende koördinering van aktiwiteite en hindernisse in

kommunikasie tussen verskillende regeringsvlakke.

Dié tekortkominge veroorsaak 'n vakuum wat negatiewe persepsies van die beleidsbestuur en volhoubare ontwikkeling, reflekteer.

“Ons voorsien dat die Eenheid 'n uiters belangrike rol in die fasilitering van samewerking tussen die verskillende rolspelers sal speel om hierdie probleme uit te stryk,” sê Prof. Koos Bekker, projekbestuurder van die Eenheid.

Een van die eerste aktiwiteite van die Eenheid is die aanbieding van opleidingskursusse in projekbestuur vir senior openbare sektorbestuurders met die oog op van plaaslike ontwikkeling.

Die kursusse word aangebied deur spesialiste in die bedryf en deel van die kursus is die identifisering van 'n werklike, praktiese projek wat die basis van die kursusgangers se studie sal vorm. ■



BUMPER DONATION FROM Plaaskem

Supporting science: Chemical Services Limited, on behalf of their subsidiary Plaaskem, donated R25 000 to the Department of Plant Sciences at the University of the Free State. From the left are: Messrs Hennie Greyling and Alwyn Vorster (Plaaskem), Prof. Sakkie Pretorius (chairman: Plant Sciences), Dr Alan Roth (General Manager: Technology, Chemical Services Limited), Prof. Gerrit van Wyk (former dean of the Faculty of Natural and Agricultural Sciences) and Prof. Wijnand Swart (coordinator: Plant Pathology).

Dr Staples honoured by Rotary



Dr Bruce Staples, ophthalmic surgeon from Bethlehem was honoured by the Rotary Club in the town for his service to the Eastern Free State community.

He received Rotary's Paul Harris Trophy, the highest honour Rotary can bestow on a person. Dr Staples is also an excellent sportsman who got two silver medals in the Comrades Marathon.

He often takes part in the Argus Cycle Race. He is also an eager scuba diver and climbed Mount Kilimanjaro. ■

(Photo: Volksblad)

Skuif na Engels wek kommer sê nuwe Pansat-voorsitter

Afrikaanse mense se groeiende voorkeur vir Engels kan ook die doodskoot wees vir die stryd van inheemse Afrika-tale om hulself as volwaardige landtale gevestig te kry, het Prof. Mohlomi Moleleki, nuut verkose voorsitter van die Pan Suid-Afrikaanse Taalraad (Pansat), onlangs in 'n koerantonderhoud gesê.

Prof. Moleleki is hoof van die Departement Afrikatale aan die UV.

Hy sê in die bevordering van veeltaligheid dink 'n mens uiteraard aan 10 inheemse Afrikatale, waarvan Afrikaans natuurlik een is, maar ook aan tale soos Khoi-San en die Suid-Afrikaanse Gebaretaal. Respek moet ook gekweek word vir erfenistale soos Frans, Duits, Portugees en Hindi.

Afrikaans en sy baie prestasies in sy kort bestaan, is vir sprekers van Afrikatale 'n model van wat 'n inheemse taal kan bereik. As hy die handdoek ingooi, is die boodskap dat hulle geen hoop het om hulself op te hef nie, het hy in die koerantonderhoud gesê.

Prof. Moleleki het sy kommer uitgespreek oor die Afrikaanssprekende se "skuif" na Engels. Dit lyk of Afrikaanssprekendes al hoe meer Engels verkies, hul kinders na Engelse skole stuur of Afrikaanse skole sluit. "As dit só is vir 'n taal wat homself op talle gebiede, selfs in die wetenskap met sy vereistes vir presiesheid, laat geld het, waar laat dit die Afrikatale?" ■



Hou landboubeurs regstreeks dop

'n Skerm by die Departement Landbou-Ekonomie waarop intydse verhandeling op die Suid-Afrikaanse Termynbeurs (Safex) dopgehou kan word, bring landboustudente nou baie naby die hart van die verhandeling van landboukommoditeite in Suid-Afrika.

Hulle kan weliswaar nie regstreeks deelneem nie, maar na die sluiting van die dag se verhandeling om 13:00 "koop" en "verkoop" hulle lustig met denkbeeldige geld. Soveel so dat een van die studente sy R100 000 in 'n kort tydjie tot R1,45 miljoen laat aangroei het. Seker iets wat menige graanboer hom dit sal wil nadoen. George le Roux, nagraadse student in Landboubestuur, sê die ondervinding wat hulle nou opdoen, kan handig te pas kom as hulle boere of makelaars wil word. Hier kan hulle sien hoe Safex werk en waardevolle ondervinding opdoen.

Prof. Herman van Schalkwyk, voorsitter van die Departement Landbou-ekonomie aan die UV, sê die landboumark het vanjaar geweldige skommeling beleef. Van die groot rolspeleers het amper 'n R1 miljard in die mark verloor. Baie "fly by night's" is ook uitgeskud omdat hulle die spel nie volgens die reëls gespeel het nie.

Die Departement bied kursusse vir groepe van 10 en meer mense aan wat in spesifieke rigtings – soos Safex – opleiding verlang.

Belangstellendes kan mnr. Pieter Taljaard by (051) 401-3220, faks (051) 401-3473 of per e-pos by pieter@sci.uovs.ac.za kontak. ■

Bo: Tegnologie: George le Roux (regs), nagraadse student, en mnr. Pieter Taljaard, dosent, hou die beweging op Safex dop.

SHOSO ryg doktorsgrade in

Akademie se steundienste lewer gewoonlik nie akademiese prestasies nie. Vanjaar was egter die uitsondering toe die Sentrum vir Hoëronderwysstudies en Ontwikkeling (SHOSO) aan die UV met vier doktorsgraad- en drie meestergraadstudente op die jaarlikse gradeplegtigheid kon spog.

Prof. Magda Fourie sê dit is seker die eerste keer in die geskiedenis dat 'n steundiens soveel doktorsgraadstudente by een gradeplegtigheid opgelewer het.

Dit is deels ook 'n teken van die geweldige transformasie in die hoëronderwys die afgelope paar jaar.

Die mense wat doktorgrade onder die promotorskap van prof. Driekie Hay, waarnemende direkteur van die SHOHO) gekry het, is

- **Adri Beylefeldt:** Integration and assessment of critical outcomes in a learning programme for first-year medical students
- **Mabokang Mapesela:** Staff satisfaction in a South African university undergoing transformation
- **Phil Collett:** Developing the academic literacy of undergraduates studying by distance education in South Africa

- **Lilla du Toit:** Quality assessment of the management of an instructional offering process: Research Methodology in the B.Tech. programme in technikon: as system approach

- **Dr. Arlys van Wyk** se proefskrif is met 'n internasionale toekenning bekroon. Prof. Wilfred Greyling was die promotor en prof. Hay die medepromotor.

Die SHOHO het tans 30 ingeskrewe meestegraadstudente en 20 doktorale studente. Studente word landwyd getrek. ■

Ondersteuning: Presteerders van die Sentrum vir Hoëronderwysstudies- en Ontwikkeling saam met hul studieleiers/promoters. Hier is van links Dr. Phillip Collett, Dr. Lilla du Toit, Dr. Arlys van Wyk, Prof. Driekie Hay, Dr. Adri Beylefeldt, Prof. Eli Bitzer, Dr. Mabokang Mapesela en Prof. Henk van der Spuy.



PRESTIGIOUS US GRANT TO UFS RESEARCHER



Honoured: Mr Aldo Stroebel with Prof. Alice Pell at Cornell University.

Cornell University in New York State, USA, has awarded a Research Fellowship of more than R100 000 to Mr Aldo Stroebel, a researcher at UFS.

He spent a semester at Cornell, doing research towards his Ph.D, which is entitled: Strategies of smallholder ruminant livestock production systems in Sub-Saharan Africa.

Mr Stroebel is registered with the

Centre for Sustainable Agriculture at UFS.

Prof. Alice Pell from Cornell University, Prof. Frans Swanepoel and Dr Isak Groenewald from UFS serves as the study committee.

Cornell University is arguably one of the most prestigious universities in the world, and is the only Ivy League University in the United States with an agricultural college. ■

Forensiese verpleegkunde al hoe nodiger

Die Universiteit van die Vrystaat (UV) is die enigste universiteit in die land waar verpleegkundiges opgelei kan word in Forensiese Verpleegkunde. Hierdie kwalifikasie is vir die eerste keer verlede jaar aangebied, en die eerste groep verpleegkundiges wat hiervoor ingeskryf het, het Maart hulle Gevorderde Universiteitsdiploma in Forensiese Verpleegkunde gekry.

Die geweldige hoë aanrandings- en verkragtingssyfers noodsaak hierdie kursus. Suid-Afrika het glo die hoogste verkragtingssyfer ter wêreld met sowat 1000 vroue wat per dag in die land verkrag word.

Danksy die kwalifikasie in Forensiese Verpleging, kan verpleegkundiges nou opgelei word om forensiese aspekte rondom aanranding, seksuele misbruik, kindermishandeling, die regsangeleenthede rondom misdadigers en forensiese ondersoeke te behartig. Die opleiding van verpleegkundiges hierin is veral nodig weens die tekort aan gekwalifiseerde forensiese personeel, veral op die platteland.

Forensiese Verpleegkunde is een van die nuutste rigtings in onderwys, praktyk en navorsing in terme van gesondheidsorg. In praktyk behels dit dat geregistreerde verpleegkundiges opgelei word in die wetenskaplike ondersoek en behandeling van traumaslagoffers weens mishandeling, geweld, strafregtelike optrede soos verkragting en traumatiese insidente.

Prof. Paula du Rand, Programdirekteur van die gevorderde graad, diplomas of sertifikate in Verpleegkunde, sê “Die forensiese verpleegkundige bied ’n direkte diens aan die kliënt en ’n konsultasiediens aan die verpleeg-, mediese en regsverwante velde. Die verpleegkundige moet getuieis in die hof kan gee oor trauma aangeleenthede of in ondersoeke by onnatuurlike sterftes. Dit behels ook gespesialiseerde diagnoses in die geval van misdade, byvoorbeeld die ondersoek van verkragting- of molesteringslagoffers.”

Die kursus omvat ’n intensiewe forensiese verpleegkunde komponent, waarin aspekte soos seksuele aanranding en verpleegsorg, regsaspekte en die versameling van bewyse, doodsondersoeke, gesondheidsorg en die wet behandel word.

Ander aspekte wat aandag geniet, sluit farmakologie, MIV/vigs-versorging, gesondheidsorgbestuur, etos en professionele praktyk in.

Die kursus behels ook ’n praktiese komponent waar studente ten minste 120 uur in ’n slagofferondersteuningseenheid moet werk, 16 uur by ’n forensiese patoloog voltooi, 16 uur met die SAPS moet saamwerk en 16 uur saam met die staatsaanklaer moet werk.

Aangesien die kwalifikasie in Forensiese Verpleegkunde deel van die B.-graad in Gevorderde Verpleegkunde is, sal van die verpleegkundiges ook ’n B.-graad daarin ontvang. ■

Die opleiding van verpleegkundiges hierin is veral nodig weens die tekort aan gekwalifiseerde forensiese personeel, veral op die platteland.

Projek vir visuele Bybel

Die Eenheid vir Taalfasilitering en –bemaatting (ETFB) aan die Universiteit van die Vrystaat (UV) het weer ‘n eerste in Afrika aangepak. Die Eenheid is besig met ‘n loodsprojek om sekere gedeeltes van die Bybel in gebaretaal vir dowes in Afrika saam te stel. Die finale produk sal in videoformaat beskikbaar wees.

Vir die meer as halfmiljoen dowes in Suid-Afrika, sal dit die eerste Bybel in Suid-Afrikaanse gebaretaal wees.

Vyf dowes van Kaapstad, Gauteng, Qwaqwa, Kimberley en Welkom het onlangs aan die vertalingsprojek deelgeneem. Drie gedeeltes uit die Ou Testament en drie gedeeltes uit die Nuwe Testament sal in gebaretaal, in die suiwerste vertaling uit die grondteks, op video verfilm word. Die gedeeltes is self deur die dowe gemeenskap uitgesoek en geïdentifiseer as gedeeltes wat hulle graag lees, of waarvan hulle meer wil weet.

Me. Susan Lombaard van die ETFB, sê die groep is saamgestel uit dowes uit verskillende dele van Suid-Afrika om soveel as moontlik dialekte van Suid-Afrikaanse gebaretaal te betrek.

Met die vyf dowes word saamgewerk om die beste gebaretaalteken vir moeilike Bybelterme soos egbreuk, Sabbat, versoeking en genade te vind.

“Die Bybel is baie ontoeganklik vir die meeste dowes, omdat gebaretaal hulle eerste taal is, en dan tale soos Afrikaans, Engels, Sesotho en andere slegs ‘n tweede of selfs derde taal is. Die struktuur van gebaretaal verskil ook merkwaardig van die struktuur van ander tale, byvoorbeeld in terme van sinskonstruksie en tydsaanduiding sodat dowes dikwels sukkel om die Bybel te verstaan.

Daar is ‘n reuse-behoefte aan ‘n projek van hierdie aard. Die entoesiasme waarmee die groep die projek aangepak het, is verstommend. Daar is baie min mense wat Bybeltekste kan tolk, en daar is slegs nege gemeentes vir dowes in Suid-Afrika.

Een van die lede van die groep is ‘n lekeprediker en selfs hy sê dat hy die teksgedeeltes wat reeds in gebaretaal vertaal is, nou beter verstaan, sê me. Lombaard.

Teksgedeeltes wat vir die projek vertaal word, is, Psalm 23, Daniël 7 en Exodus 20, Matteus 7, Markus 14 en Lukas 11.

Me. Suzette Botha, ook van die ETFB, is die projekteier. Saam met ander Bybelwetenskaplikes is sy verantwoordelik vir die kwaliteitskontrole. Gedeeltes wat in gebaretaal vertaal is, word weer terugvertaal na Afrikaans of Engels, en met die grondteks in Hebreeus en Grieks vergelyk om seker te maak dat die vertaling suiwer is. ■

Oudstudente kry internasionale erkenning

Dr. Karin Jacobs, oudstudent van die Departement Mikrobiologie en Biochemie aan die UV het in Maart ‘n internasionale eerbewys van \$20 000 van die skoonheids-huis L’Oréal en UNESCO gekry vir die ontwikkeling van ‘n diagnostiese apparaat wat onwelkome fungi in hout en saad identifiseer wat na Suid-Afrika ingevoer word.

Dr. Jacobs is nou verbonde aan die Instituut vir Biotegnologie in bosbou- en landbou aan die Universiteit van Pretoria. Sy het haar B.Sc., honneurs, meesters- en doktorsgrade aan die UV behaal voordat sy in Kanada gaan navorsing doen het. Haar navorsing sluit ook in die identifisering van die fungi en die kweek van monsters om fungi wat skadelik is vir Suid-Afrikaanse plante te identifiseer. Saad en hout wat ingevoer word, kan nou makliker verbied word.

Dr. Lindsay Owen-Jones, voorsitter van L’Oréal, en mnr. Koichiro Matsuura, direkteur-generaal van UNESCO, die VN se organisasie vir onderwys, wetenskap en kultuur, sê die eerbewyse word die afgelope vyf jaar toegeken aan vroulike wetenskaplikes om die vrou se posisie in die wetenskappe te versterk.

Charl J. Nesper, who received his B.Sc. degree from the University of the Free State, joined Boyken International in Atlanta, Georgia as senior cost estimator. Nesper was a quantity surveyor at Anglo American Corporation and an associate partner at Venn & Milford, a cost-consulting firm, for 18 years before leaving for the United States.

There he worked, amongst others, as chief architecture estimator for a programme management firm in Atlanta. He started his studies in 1977 on the Kovsie campus. ■



Construction of the new student centre on the western side of the campus is making progress. The opening is planned for later this year. The new centre will become the hub of student activities on the campus with shops, coffee shops, banks, auto tellers and other facilities. ■

(Photos: Stephen Collett)

Centre on track



Sports Plan unveiled

“Sport will help us to build a university of quality, equity and multiculturalism,” Prof. Frederick Fourie, Rector, said at the launching of the new Sports Plan for the UFS.

The Sports Plan will make the UFS an international centre of excellence in sports development, exercise science, sport research and sports performance within five years.

The Sports Plan is a manifestation of the new radical way in which the UFS thinks sport must be practised. Prof. Fourie said the main goal of the strategy is to lift sport at the UFS to a significant higher level of performance and quality and to build up the Free State’s national sport profile.

The strategy entails an additional investment of R3 million over the next three years to the provision of sport and sports facilities at the UFS. Partnerships and sponsorships will also augment this amount.



Sporting chance: Mr Ewie Cronje (right) of Koviesport received here a cheque for R3 million from the Rector, Prof. Frederick Fourie.

The Sports Plan is a culmination of intensive work under the leadership of former rugby captain Morné du Plessis and his company.

Prof. Fourie said the UFS is committed to excellence in the classroom and on the sports field. “It is part of the UFS’s role in society and the community. The UFS is embedded in the community and has the

task to help build the community in all respects. The UFS can help to revitalise the province, he said.

“We serve the Free State and the nation in this regard,” he said.

He also mentioned the influence of sports and that sports players perhaps have a bigger influence on the youth than captains of industry.

“People are getting together because they are doing things together. Sport helps to break down stereotypes,” he said.

Soccer was identified as one of the main focus and development areas for the UFS. A place in the Castle soccer league was bought for the Kovie first team. A Cheetah Rugby Centre of Excellence will also provide professional support services to rugby players in the province. The establishment of a swimming academy is also on the cards. ■

MOVE FOR HQ



The historic main building will become the headquarters of the top-management structure on the University of the Free State again. Management and supporting staff will be in the building by May next year. Some of the UFS's departments will also swap offices in a move to fit office space with the needs on the campus. Here is a scale model assisting in the planning of the interior of the main building. (Photo: Stephen Collett)

CONTINUOUS SUPPORT FROM US FOUNDATION

The Kellogg Foundation of the United States of America committed itself to another R2 million over three years in the Mangaung University of the Free State Community Partnership Programme (MUCPP) in Mangaung, Bloemfontein. Here Prof. Marlene Viljoen (right), head of the Nursing School at the Faculty of Health Sciences at the UFS, received a computer for the centre in Mangaung from Ms Dottie Johnson, president of the board of trustees of the Kellogg Foundation in the US, on the board's recent visit to the Free State. Kellogg contributed more than R21 million to the MUCPP since 1991. ■



Prof. Bobbert

laat groot leemte

Prof. Moritz Bobbert (69) wat in Maart oorlede is, was 'n buitengewone hoogleraar in die Fakulteit Regsgeleerdheid. Hy is as die een van die UV se grootste en lojalste alumni beskou. Hy was 'n onvervangbare skakel tussen die regspraktyk en akademies. Sy afsterwe is deur regsgeleerdes betreur en as 'n "geweldige verlies" beskou. Na sy aftrede uit die praktyk het hy hom in 1999 as buitengewone hoogleraar by die UV se regs fakulteit aangesluit. Hy het sy LL.B.-graad in 1955 aan die UV behaal.

Pankreaskanker is in Oktober by hom gediagnoseer, maar hy het ondanks die siekte voorgegaan met sy werk by die UV.

Prof. Bobbert laat sy vrou, Anna 'n voormalige musiekdosent aan die UV, en sy broer, Claude, van Grootbrakrivier, na.



Mnr. Piet Stofberg (54) van Bronkhorstsrui is in Maart in Bloemfontein oorlede. Hy het vroeër vir die UV se Shimlaspan, asook die Vrystaat se o.20-span gepeel. Hy is in Desember met motoriese senuwee-aantasting opgeneem. Hy word oorleef deur sy vrou, Annette, en drie dogters, Wilesté van Reitz, en mev. Elzandi Oosthuizen van Bethlehem en Handri Nel van Kempton Park. Hy is op Dewetsdorp begrawe.

Mnr. Kobus (Patat) Cronjé (83) is in Maart na 'n lang siekte oorlede. Hy was van 1969 tot 1979 hoof van Grey Kollege in Bloemfontein. Hy het sy B.A.-graad en 'n onderwysdiploma aan die Universiteit van die Vrystaat behaal. Hy word oorleef deur sy vrou, Betsie, drie seuns – Pieter van Kaapstad, Tommie, adjunkhoof van Grey-kollege, en Koos, 'n onderwyser aan dié skool – sy dogter, mev. Elma Dean, en 12 kleinkinders. Sy as is in die gedenkmuur in die Fischer-tuin by Grey Kollege geplaas.

Prof. W.A. (Adolph) Joubert is vroeg vanjaar oorlede. Hy was 'n besondere mens wat diep spore in die rekenmeestersprofessie getrap het en 'n groot bydrae gelewer het in die ontwikkeling van die rekeningkundige dissiplines oor 'n wye terrein.

Hy is in 1958 aangestel as senior lektor aan die Universiteit van die Vrystaat. In 1965 is hy aangestel as professor en hoof van die Departement Rekeningkunde en verwerf kort hierna sy doktorsgraad.

In 1989 word hy verkies as voltydse Dekaan van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurs-wetenskappe aan die UV. Hy behou egter sy bande met die Departement Rekeningkunde as deeltydse dosent – selfs tot enkele jare na sy aftrede as dekaan in 1994. ■

Rus in Vrede



Kobus Cronjé

Oud-Kovsies loop Bethlehem storm



'n Groot span oud-Kovsies was op 22 Februarie byeen vir 'n Kovsie-dag by Onder die Akkers in Bethlehem.

Heel bo: Geniet die dag: Van links is, agter: Franco Maree, Joggie Rautenbach, Johan Grobbelaar, Gerhard van Rensburg, Philip Nel, Kevin Hulse en Hendré du Toit; middel: Marisa Maree, Otilia Meintjes, Mariechen Grobbelaar; Liez van Rensburg, Surita Shields, Olga van Heerden en Rachel Oelofse. Voor is Gideon en Velma Knobel.

Bo:Vet pret: Hier is 'n paar oud-Verwoerd- en -JBM Hertzog-manne: Van links is, agter: Neil Ungerer, Franco Maree, Johan Nel en Jacques Kruger; voor is Japie de Klerk en Kevin Hulse.



SIEN JOU WEER

B.Soc.Sc (MW)-studente van 1982 het verlede jaar hul reünie in Bloemfontein gevier. Hier is 'n paar wat die weersiens 20 jaar later meegemaak het. Foto ingestuur deur Lida van Onselen (083-962-2417). ■

Voel soos gister: Van links is, agter: Anita Cilliers (née Janse van Rensburg), Hester van der Westhuizen (née Labuchagné), Sandra Gouws (née Van der Vyver) en Marinel Read (née Radley). Voor: Lida van Onselen (née Smith), Ria Egelhoff (née Wepener), Hannes Louw en Cheezie Roestenburg.

Aansporing om aan die UV te studeer

Die Kovsie-Alumni Trust betaal R2 000 aan elk van die Top 25 Matrikulant-finaliste wat aan 'n wedstryd deelneem wat die Universiteit van die Vrystaat, die plaaslike koerant *Volksblad* en verskeie ander borge elke jaar aanbied.

Die Universiteit gee ook beurse van R5 000 elk aan die 20 top-finaliste in die eindeksamen van die Vrystaat en R5 000 elk aan die 10 top-finaliste in die ander provinsies, op voorwaarde dat hulle aan die Universiteit van die Vrystaat kom studeer.

Beursvorme kan by UV-Bemarking afgehaal word. Aansoeke moet vergesel wees van matriekuitslae.

Vir meer besonderhede kontak mev. Anita Jackson, Sekretaresse, Kovsie-Alumni Trust. ■

'Hophuis' heropen

Huis Emily Hobhouse is in April heropen as junior koshuis op 'n geleentheid wat deur sowat tagtig gaste bygewoon is.

Die omskakeling vanjaar van 'n junior koshuis na 'n senior koshuis was genoodsaak deur die groot vraag na junior verblyf op die kampus. Die inrigting van die koshuis kon in Desember 2002 begin nadat senior studente ingewillig het om na ander koshuise verskuif te word.

Daar is nou 18 junior koshuise op die bult.

Mnr. Willie Mostert, Adjunk-direkteur van die Departement Verblyfdienste op die kampus, het op die heropeningsgeleentheid op 9 April 'n trofee met 'n denkbeeldige sleutel aan die koshuishoof oorhandig.

Ander sprekers by die geleentheid was Prof. Teuns Verschoor, waarnemende Viserektor, die primaria, Carli Potgieter, en die voorsitter van die eerstejaarskomitee, Caren Gainsford.

Die "nuwe" Huis Emily Hobhouse het reeds in die eerste kwartaal tradisie begin bou en sy ware plek op die kampus ingeneem.

Daarvan getuig die geesbeker wat hy gewen het in die atletiekbyeenkoms en die "toringbou"-projek, die tweede plek in die "Stage door" – die ou eerstejaarsêr, derde plek in die eerstejaars- asook interkoshuisatletiek en die sewende plek in die vlotbou vir die Jool. ■



Nostalgies: Van die mense wat die heropening van Huis Emily Hobhouse as 'n junior koshuis bygewoon het. Hier is van links mnr. Willie Mostert, Adjunkdirekteur: Verblyfdienste aan die UV, mev. Louisa Harold, koshuishoof, prof. Teuns Verschoor, waarnemende Viserektor, mee. Carli Potgieter, primarius, Shirley Thiart, onderprimarius, en dr. Natie Luyt, waarnemende Studentedekaan.

UFS supporters lauded

Golden donors who supported the UFS for the past 9 to 42 years were special guests of Prof. Frederick Fourie, Rector, and Dr Franklin Sonn, Chancellor, at a breakfast function at the Johannesburg Country Club in May.

The invited guests included management from Credit Guarantee, Spoor & Fisher, ABSA, Cementation Mining, Health Systems Trust, the South African Reserve Bank and other organisations.

A luncheon to celebrate Dr Harold Serebro of Altron's honoree degree was also held in Johannesburg. Guests invited to this function included Mr Ian Cockerill, chairperson: Goldfields Ltd, Judge Richard Goldstone and Dr Bill Venter, chairman of the Altron Group. ■

Gholfhemde

Gholfhemde met die Kovie-Alumni Trust-logo op is nou beskikbaar in groottes van klein tot XXX groot en is te koop by die UV-Bemarkingsgebou by Anita Jackson teen R120 stuk.

Alumni-voordele

Lede van die Kowsie-Alumitrust geniet talle voordele, waaronder

Finansiële voordele

- Totale bydrae is aftrekbaar van belasting;
- Kinders en kleinkinders kry voorkeurbehandeling by die toekenning van beurse en lenings.
- Lidmaatskap van die Alumni-klub wat gedurende die jaar gesellig verkeer en na begaafde en uitgesoekte sprekers luister.

Besigheidsvoordele

- Motorhuur by *Avis* min 50% en verdere eksklusiewe voordele. KONTAK: Werner van Niekerk, tel. 083-452-4254
- *Mercedes-* en *Honda-Motorvoertuie*: KONTAK: Christo Wessel, Wessel Motors, Kroonstad, tel. (056) 213-4777
- *BMW*: KONTAK: Wicus Hancke, Sovereign Motors, Bloemfontein, tel. (051) 448-8800
- *Toyota-voertuie*: KONTAK: Job van Heerden, Standard Toyota, Bethlehem, tel. (058) 303-5441
- *Mazda-*, *Peugeot-* en *Mitsubishi-voertuie*: KONTAK: Johan Strydom, Human Motors, Bloemfontein, tel. (051) 430-1011
- *Ford-voertuie* en *-trekkers*: KONTAK: Henning van Aswegen, Van Aswegens, Hoopstad, tel. (053) 444-1902
- *Opel-* en *Isuzu-voertuie*: KONTAK: Pine Pienaar, Bultfontein Delta, tel. (051) 853-2935
- *Audi*: KONTAK: Hennie Pretorius, Audi Sentrum, Bloemfontein, tel. (051) 471-1787
- Ondersteun gerus Gerhard en Joe Beukes

by *Civic Motors*, tel. (051) 448-5592 vir spesiale aanbiedinge vir motorwas en voordele wanneer u brandstof ingooi

• *De Waal Uitrusters*: Middestad Sentrum, Bloemfontein, tel. (051) 447-5070 vir spesiale kontantkorting aan donateurs

• *Etnique Reise* onderneem om aan donateurs die beste pryse en beste diens te gee vir alle binnelandse- en oorsese reise. U kan Johan Beukes by (051) 436-5930 kontak.

Die volgende gastehuse gee ook spesiale tariewe aan donateurs:

- Bloemfontein: Innes Gastehuis (051) 433-1555
- Hydro Gastehuis (051) 448-0523
- Alvaria Gastehuis (051) 436-6669 of 082-883-1834
- Fynbos Villa, Stellenbosch, (021) 883-8670
- Lennox Cottage, Dirk Froneman, Dundee, (0341) 82-201
- Glenmarian Gastehuis, Dr. en mev. Tjaart Fourie, 18 Deane Road, Glenmore, Berea, Durban, (031) 205-2774, 083-325-7745
- Smithfield House, Mr Graeme Wedgwood, (051) 683-0071, Faks (051) 683-0045, Selfoon 082-450-6779
- Wilderness Retreat, Wildernis, Prof. Dan Morkel, tel. (044) 877-0262, Faks (044) 877-0275
- Lord Milner Hotel, Matjiesfontein, Mnr. David D. Rawdon. Tel. (023) 551-3011.

Kry meer besonderhede op die webwerf

www.kat.co.za/afrik/kontakset.htm



Trust op dreef

**KOSVIE-ALUMNI
TRUST**

GOUE DONATEURS

- | | | |
|---|---|---|
| 571 Mnr Corné vd Westhuizen, Mediese Verteenwoordiger, Roodepoort | 579 Mnr Jurie Wessels, Boer/ Verteenwoordiger, Victoria Wes | 589 Me Karin Serfontein, Bemarker, Clubview |
| 572 Mnr Wimpie Jansen van Rensburg, Bourekenaar, Johannesburg | 580 Mnr Charlie Heathcote, Makelaar, Kimberley | 590 Mnr Stuart Foster, Leerlingklerk, Craighall |
| 573 Mnr Piet Moen, Driedimensionele Visualiseerder, Bryanston | 581 Mnr Eben van Rensburg, Argitek, Pretoria | 591 Mnr Frans Gerber, Prokureur, Lynnwood Glen |
| 574 Me Carin Boshoff, Fisioterapeut, Kilnerpark | 582 Mnr Willem Kirsten, Grondkundige, Pretoria-Noord | 592 Mnr Willie Korff, Pensioenaris, Bloemfontein |
| 575 Dr Maritz Laubscher, Mediese dokter, Pietermaritzburg | 583 Mnr Schalk Roets, Kredietnavorser, Wierdapark | 593 Mnr Pierre Venter, Rekenmeester, Cresta |
| 576 Mnr Lesley Stewart, Finansiële Adviseur, Pretoria | 584 Me Franci Brink, Onderwyseres, Wierdapark | 594 Ds Marius Maree, Predikant, Amersfoort |
| 577 Mnr Hugo vd Walt, Prokureur, Bloemfontein | 585 Adv Johan du Toit, Balie, Fairland | 595 Mnr Bartel Pieterse, Sakeman, Menlopark |
| 578 Dr Anthony Orrock, Mediese dokter, Bloemfontein | 586 Dr Daan Opperman, Sakeman, Clubview | 596 Mnr Trevor Colmer, Konsultant, Erasmusrand |
| | 587 Mnr Jan vd Walt, Prokureur, Kimberley | 597 Dr Wilna Havemann, Algemene Praktisyn, Honeydew |
| | 588 Mnr Gerrit Claassen, Hoofbestuurder, Johannesburg | 598 Adv Alan Lewis, Advokaat, Sunninghill |

ERESTIGTERDONATEURS

Geen

PRESTIGE-DONATEURS

- | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
|--|---|---|--|---|---------------------------------------|--|---|---|--|---|--|--|--|--|---|---|--|--|--|--|---|---|---|---|--|---|---|--|--|---|---|--|--|--|---|--|---|--|--|--|---|--|---|---|---|--|--|
| 60 Mnr Wikus van Rensburg, Sakeman en TV Regisseur, Aucklandpark | 385 Mnr Chris Lourens, Bestuurskonsultant, Marshalltown | 532 Mnr Gerald Horwitz, Prokureur, Houghton | 552 Mej Welma Strauss, Groep-Finansiële Kontroleerder, Sandton | 553 Mnr Deon van den Berg, Sakeman, Brits | 554 Mnr Johan Botha, Bemarker, George | 555 Prof Chris du Preez, Dosent: Landbou Fakulteit, UV | 556 Dr Celia Alberts, Mediese dokter, Brits | 557 Dr Johan de Kock, Mediese dokter, Brits | 558 Mnr Carel Terhoeven, Geoktrooieerde Rekenmeester, Moreletapark | 559 Me Amanda van Schoor, Staatsamptenaar, Pretoria | 560 Mnr Johan Senekal, Prokureur, Johannesburg | 561 Mnr Wikus Hancke, Rekenmeester, Bloemfontein | 562 Mnr Stanley Sansom, Direkteur: Steundienste Farmakologie, UV | 563 Dr Annette de Wet, Dosent: Departement Afrikaans, UV | 564 Mnr Louw de Klerk, Sakeman, Kimberley | 565 Mnr Pieter du Toit, Prokureur, Victoria Wes | 566 Mnr Thoben Koorts, Bankier, Delmas | 567 Mnr Zhann, Geoktrooieerde Rekenmeester, Johannesburg | 568 Dr Dirk Prinsloo, Marknavorser, Northcliff | 569 Prof Gerald Steyn, Argitek/Lektor, Riviera | 570 Mnr Johan vd Berg, Argitek, Fontainebleau | 571 Mnr Gerard Vermeulen, Argitek, Pretoria | 572 Mnr Steven Ströh, Sakeman, Highveld | 573 Mnr Francois Retief, Sakeman, Halfway House | 574 Mnr Anton Noordman, Rekenmeestersklerk, Cresta | 575 Mnr Karel Spangenberg, Prokureur, Kimberley | 576 Mnr Muller Strauss, Finansiële Bestuurder, Eldoglen | 577 Dr Jannie Maree, Chemikus, Die Wilgers | 578 Dr Chris Jordaan, Onkoloog, Groenkloof | 579 Dr Elsabe Nel, Mediese dokter, Bloemfontein | 580 Mnr Christo du Plessis, Bankier, Bloemfontein | 581 Mnr Gerhard Delpont, Dosent, Kimberley | 582 Mnr Andre du Toit, Besigheidsanalisis, Faerie Glen | 583 Mnr Willie Ras, Programmeerder, Pretoria | 584 Dr Tabo Maree, Mediese dokter, Amersfoort | 585 Dr Ben-Hein Henning, Algemene Praktisyn, Witbank | 586 Mnr Piet Dempers, Finansiële Adviseur, Klerksdorp | 587 Mnr Abri de Villiers, Argitek, Witbank | 588 Dr Jurgens Leipoldt, Algemene Chirurg, Lynnwoodrif | 589 Mnr Slang du Plessis, Pensioenaris, Jeffreysbaai | 590 Mnr Francois Louw, Prokureur, Ficksburg | 591 Dr Bruce Staples, Oogarts, Bethlehem | 592 Mnr Danie Peach, Projekbestuurder, Erasmuskloof | 593 Dr Hoppie Strauss, Mediese Praktisyn, New Germany | 594 Dr Gert van Zyl, Algemene Praktisyn, Pinetown | 595 Dr Rudi Maré, Onkoloog, Benoni Wes | 596 Mnr Koos Moolman, Prokureur, Cradock |
|--|---|---|--|---|---------------------------------------|--|---|---|--|---|--|--|--|--|---|---|--|--|--|--|---|---|---|---|--|---|---|--|--|---|---|--|--|--|---|--|---|--|--|--|---|--|---|---|---|--|--|

PLATINUM DONATEURS

- | | | | | | | | | |
|---|---|--|--|---|---|--|--|---|
| 48 Mnr Johan Ströh, Prokureur, Middelburg | 49 Dr Jörgen Kahler, Mediese dokter, Ranten-Dal | 50 Dr Michael Heyns, Algemene Chirurg, Faerie Glen | 51 Mnr Johan vd Merwe, Sakeman, Highveld | 52 Dr Du Toit Van Rooyen, Algemene Praktisyn, Ogies | 53 Dr Jorrie van Jaarsveld, Besturende Direkteur, Witbank | 54 Mnr Pieter Wasserman, Argitek, Knysna | 55 Mnr Dawid Botha, Prokureur, Cowies Hill | 56 Mnr Johan Nel, Rekenmeester, Fontainebleau |
|---|---|--|--|---|---|--|--|---|

DIAMANT DONATEURS

- | | |
|---|---|
| 34. Mnr Klaas Venter, Portefeuljbestuurder, Florida Hills | 35. Dr Johan Botha, Hoofbestuurder, Weltevredenpark |
|---|---|

Dís mos 'n Kovsie!

Ek sê altyd vir ouers wat ek hier in die noorde van die land vertel van Kovsies en hoekom ek dink hulle hulle bloedjies soontoe moet stuur: "Stuur jou kind om 'n slag rêrige mense te gaan ontmoet!" En ek bedoel dit, want dit was eers in Bloemfontein dat ek regtig plaaskinders en plattelanders leer ken het.

Outjies wat met bakkies by die koshuis afgelaai is na 'n vakansie en wat kon langarmdans (veral die Jacobsdallers)! En wat met die aflaai vir jou ook 'n pakkie eetgoed van die plaas af het, al ken sy pa-hulle jou nie eers nie.


So 'n koue bladjie skaapvleis in koerantpapier toegedraai en 'n melkbottel vol gemmerbier. En baie keer dink ek ek het niks in die klas geleer wat ek vandag nog kan onthou nie. Ek het net rêrige mense leer ken.

Ek het al die jare vir die Kovsies gaan kuier op plekkies soos Belfast, Dullstroom en glo dit, Amersfoort, met dokter Tabo Maree, oud-Vrystaat flank, wat omsien na die dorpie se gesondheid en die ander Maree, dominee Marius, wat kyk na hulle siele! En terwyl ons so daar kuier, wonder ek wat maak ek hier tussen die motorkapers en Filistyne in Pretoria!

En selfs die Kovsies in Delmas (daar's meer as twintig!) werk in plekke soos Kempton Park, Johannesburg en Secunda, maar maak hulle kinders mooi groot op die platteland. So mooi dat beide die hoofseun en hoofdogter van die hoërskool Kovsies se kinders is!

In my jare in die koshuis het ek die Vrystaatse platteland deurkruis saam met my koshuismaats. As dit nie Cocolan toe was saam met ou Tom Ferreira nie, was dit Springfontein toe saam met Abrie Griesel of Marquard toe saam met Rooi Jan van Graan.

Het al jy ooit met 'n lamsboud na 'n rugbywedstryd probeer duimgooi tussen Springfontein en Bethulie? Daar's nie karre nie, glo my!



En dit was springhaasjag en langarmdans en lewer en netvet en kaiings vir ontbyt. En ek kon nooit verstaan dat my ma daar in Pretoria my kwalik geneem het dat ek nie langnaweke huis toe kom nie.

"Maar Ma, dis so lekker op die plaas!"

En nou is my twee dogters ook Kovsies en sit ek en my ander helfte nou die Paasnaweke stoksielalleen in Pretoria en voel hoe my ma-hulle moes gevoel het.

Ja nee.

Ousus is daar na Molteno se wêreld toe waar die Aucamps somer sestien studente op die plaas in die Stormberge gehuisves het. Kleinsus is weer saam Postmasburg toe waar die Joostes haar bederf het en sy die Saterdagagaand ook gaan langarmdans het!

Dankie julle wonderlike mense dat ons kinders sulke plekke kon sien eerder as die winkelsentrums en flieks van die noorde! En dat hulle by julle kon eet eerder as by my!

Nou moet ons nog net die jongste Filistyn ook hier weggry!

Hier in die noorde het ons in Mei Kovsiekuiers in Pietersburg, Bethal en Delmas gehad en op 23 Mei was ons jaarlikse groot Kovsie-golfdag hier by Silver Lakes.

So as julle vir ons wil nooi vir 'n langarm dans of vir lewer in netvet, laat weet net en ons is daar!

Blou Willems



KOVSI-ALUMNI TRUST

Posbus 2319, Bloemfontein, 9300 Tel (051) 401-3758 Faks (051) 401-3758

DIE UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT

(Vul asseblief in drukskrif in en merk met X waar van toepassing)

DONATEURSNOMMER:

OUDSTUDENTNOMMER (I.V.T.)

TITEL: VAN: TEL: (h) SEL:

VOORLETTERS: NOEMNAAM:

ADRES:

..... POSKODE: TEL.(w):

..... E-POS ADRES

ID NO. OUDERDOM VAN KINDERS:

DEBIETORDER

Ek magtig hiermee ondergenoemde bank (of enige bank waarheen ek my rekening mag oorplaas) om my rekening te debiteer ten gunste van die KOVSIE-ALUMNI TRUST, en wel soos volg:

R (..... rand)

Maandeliks Kwartaaliks Halfjaarliks Jaarliks

met ingang van 20.....

Naam van bank: Rekeningnommer:

Naam van tak: Takkode:

Stad/Dorp: Tjekrekening Transmissierekening Spaarrekening

GOUE DONATEUR : R3000 ERE-STIGTERS DONATEUR : R5000 PRESTIGE DONATEUR : R6000

PLATINUM DONATEUR : R12000 DIAMANT DONATEUR : R30000

LET WEL: 'n Blanko gekanselleerde tjek of gebruikte tjek moet asb. aangeheg word vir kontroledoelindes indien van toepassing.

OPMERKINGS: *Elke onttrekking sal op u bankstaat aangedui word. *Die bankkoste word deur die Trustfonds gedra.

*Bogenoemde magtiging kan deur u gekanselleer word deur dertig dae vooruit skriftelik en per geregistreerde pos kennis te gee.

*U belastingvrystellingsertifikaat sal so spoedig moontlik na die afsluiting van die belastingjaar aan u gepos word.

BEROEP: WERKSADRES:

HANDTEKENING DATUM: